Gemeenskapsweerstand teen stedelike ontwikkeling in stadsbeplanning: Twee gevallestudies van inwoners van Die Bult, Potchefstroom, se belewenisse van plekgehegtheid, met spesifieke verwysing na verplasingsliteratuur

Tarina Jordaan en Karen Puren

Tarina Jordaan, onafhanklike navorser en
Karen Puren, Stads- en Streekbeplanning, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

Opsomming

Die doel van hierdie artikel is om die verhouding tussen plekgehegtheid, gemeenskapsweerstand teen stadsbeplanningsvoorstelle en verplasingsliteratuur binne die raamwerk van Suid-Afrikaanse stadsbeplanning te illustreer met twee gevallestudies met betrekking tot die Bult, Potchefstroom, Suid-Afrika. Sodanige tipe gemeenskapsweerstand word in die literatuur soms gekoppel met sogenaamde nimbuïsme, waar *nimbu* staan vir "nie in my buurt", na aanleiding van die oorspronklike Engelse *NIMBY* ("Not in my backyard"), 'n term wat nie altyd in stadsbeplanning in 'n positiewe lig beskou word nie. Die uitgangspunt van hierdie artikel is dat stadsbeplanners sommige gevalle van gemeenskapsweerstand beter kan verstaan deur die lens van verplasingsliteratuur. Die navorsingsontwerp van hierdie artikel is kwalitatief en die gevallestudies maak gebruik van argiefdata, onderhoude en ondersteunende fotografiese data om die persoonlike belewenisse van 12 deelnemers na te vors. Uit die data blyk dit dat individue wat onderwerp word aan kleinskaalse, geleidelike omgewingsveranderinge as gevolg van ruimtelike ontwikkeling, se ervarings ooreenstemmende eienskappe vertoon met dié van individue wat verplasing ervaar weens grootskaalse ontwikkelingsprojekte, politieke ideologieë en rampe. Gebaseer op die navorsing se bevindinge, is dit duidelik dat sommige gevalle van gemeenskapsweerstand teen ruimtelike-ontwikkelingsprojekte weens plekgehegtheidsoorwegings beter verstaan kan word binne die raamwerk van verplasingsliteratuur, omdat die tegniese en wetlike terminologie wat die basis van die stadsbeplanningsdissipline vorm, nie voldoende ruimte laat vir interpretasie van emosionele belewenisse as dryfveer vir teenkanting nie.

Trefwoorde: gemeenskapsweerstand; nimbuïsme; omgewingsveranderinge; plekgehegtheid; stadsbeplanning; verplasingsliteratuur

Abstract

Community opposition to urban development in town planning: Two case studies of place attachment experiences of residents of the Bult, Potchefstroom, with specific reference to displacement literature

The purpose of this article is to illustrate the relationship between the place attachment experiences of the residents of the Bult, Potchefstroom, South Africa, their opposition to town planning proposals, and displacement literature within the context of South African town planning. The empirical data for this research were obtained from two qualitative case studies from the Bult, Potchefstroom, South Africa.

The success of town planning as a discipline depends on a balancing act between the needs of town planners, developers, the municipal authority and the community in which a development project is to occur. In South Africa the Spatial Planning and Land Use Management Act, Act No. 16 of 2013, sometimes referred to as SPLUMA, dictates the accepted participation procedure for members of the public to give input regarding a specific town planning application. Such community input has to be formulated in the form of written objections that are then submitted to the municipality within a specified time frame.

It is unfortunate that the terminology of the town planning discipline refers to such community input as *objections*, as the word *objection* carries an inherent negative connotation. In reality, community input has been shown to make a positive contribution to development projects and can, in some cases, improve the original development plans. Given the underlying negative association with the word *objection* it is easy for town planners and developers to label community input as NIMBYism (*NIMBY* being an acronym for "Not In My Backyard"), instead of addressing the underlying issues that gave rise to the community's opposition to certain town planning applications, such as, for example, their emotional attachment to places.

This paper starts from the point of view that town planners, and other actors in the urban development sector, can understand such community opposition better when the objections are viewed through the lens of displacement literature. Although these affective and intangible dimensions of urban places are increasingly being acknowledged as important within the realm of international town planning literature, little research on the topic exists within the South African context.

Place attachment refers to the intangible bonds that people form with specific places, as well as the processes that give rise to these people-place relationships. Literature on displacement, whether forced or voluntary displacement, has been of great value to understand the psychological and socio-economic impacts of disrupted place attachment on individuals and groups. Existing displacement research indicates that a disruption of place attachment can cause, in extreme cases, loss of property, homelessness, unemployment, marginalisation, a loss of communal resources, food insecurity, a decrease in health, and the loss of the socio-economic networks that support communities and individuals. Displacement is further linked to increased

levels of anxiety and depression, and the indirect weakening of the socio-psychological resources that support human well-being.

While displacement literature often focuses on the disruption of place attachment due to large-scale disasters, political turmoil or development projects, there are instances where place attachment disruptions can be attributed to small-scale and incremental environmental changes. It is the latter which is of interest for town planners, as the majority of town planning applications result in small-scale incremental environmental changes to the urban fabric.

Individuals or groups can value places differently from other role players within the town planning discipline. Whereas members of a community can value a place from emotional and symbolic perspectives, developers, town planners and the local authority often value places from an economic perspective, which can lead to conflict between the community and the other town planning role players. Given that town planning proposals are expressed in technical language, the subjective, emotional community experiences such as fearing a loss of place or the psychological restorative qualities of a place are often disguised in technical terms to legitimise these objections. If these types of objections are viewed purely from the perspective of NIMBYism, the underlying motivations for individuals objecting to what seems to be a logical and economically sound development project cannot be understood clearly. The authors argue that these objections can be better understood when they are viewed through the lens of displacement literature as it relates to place attachment.

Two qualitative case studies were identified to explore this topic, both located within the Bult and relating to rezoning applications. One rezoning application outcome remained unsatisfactory from the community's perspective, while the other rezoning application outcome was found to be satisfactory by the community. The Bult was considered an ideal location for the research topic as the area was – at the stage that the research was conducted – under development pressure. The area's character was incrementally changing from a low-density historical suburb to one characterised by family homes being demolished to make way for larger-scale, high-density apartment developments.

The data-gathering phase of this research occurred between 2012 and 2014. Data were gathered from of archival documents (local municipal town planning records between 1983 and 2012), *in situ* open-ended site interviews, and participant-generated photographic data, along with input gathered from the interviews.

From the municipal archive two case studies were identified for this research paper. These town planning applications were of special interest as they generated an observable number of objections from locals, were reported in the local newspaper, and/or were points of discussion at local ward committee meetings. Over 300 individual objectors associated with these specific town planning applications were contacted, and individuals with vested interests at the time of these objections were approached to participate in the research after an initial interview to identify their role in the town planning process. In total, 12 individuals were selected for participation in the research.

The first case study is known as the Combrink House, one of the few houses built by South Africa's first female architects, Nelly Edwards. Although not a listed heritage site, it was considered to be of historic value by the local heritage association and inhabitants. The

Combrink House was demolished illegally, and eventually redeveloped as a medium-density apartment complex with business rights.

The second case study, P1 Restaurant, was located close to the Combrink House, and despite being of similar age as the Combrink House, it had little historic value due to multiple renovations over the course of its existence. The property was sold and the new owner converted the property into a sports bar-style restaurant, with none of the new extensions or land use changes being legalised within the local municipal system. Given the site's proximity to the local university campus, it soon drew a large number of students for its client base, which led to increased levels of noise pollution, littering, traffic safety violations, and unsavoury social interactions between the restaurant's management and clients, and the local residents.

The archival data were analysed thematically using structured coding. Interviews were conducted on the sites of the relevant case study properties, with participants creating their own photographic data. The same protocol was followed for both case studies. The interviews were based on four open-ended research questions focused on the participants' place attachment and public participation experiences. The data were recorded, transcribed and thematically analysed using open coding.

Three themes emerged from the data: (i) Participants felt some form of attachment to the place involved in the case study. (ii) Environmental changes (potential or actual) played a role in their experiences of place attachment. (iii) Participants' opposition to environmental changes due to land use changes seem to reflect, to some degree, the findings highlighted in displacement literature regarding disruptions to place attachment.

When comparing the interview data with the written community objections in the municipal archive, it became clear that the content of these written objections, on the surface, seemed to align with reasons for objections commonly associated with instances of NIMBYism. Yet the interview data reflects deeper underlying – and often emotional – reasons for participants' objecting to the rezoning applications. By further comparing the interview and supporting photographic data findings with displacement literature, the authors identified from the participant experiences similar experiences of place attachment disruption as noted in displacement literature, although not to the extreme extent associated with cases involving natural or human-made disasters, political turmoil or large-scale development projects. Participants experienced, in some cases, loss of property, being emotionally forced from the place they identified as their home, loss in work productivity, marginalisation, anxiety, a decrease in mental health, and a weakening of the socio-psychological resources that supported their well-being (e.g. increased strain on their everyday living environment and the relationships with other individuals sharing their home).

Although the case studies are small in scale and localised, they illustrate that place attachment can, in some cases, be connected to community members' opposition to town planning applications. Planning and developing urban environments lead to small-scale incremental environmental changes, which can threaten inhabitants' place attachments and lead to individuals' opposing the environmental changes. This research further illustrates that the underlying motivations for these objections can be better understood by viewing them from the perspective of displacement literature than purely from the viewpoint of NIMBYism.

Keywords: community opposition; displacement literature; environmental change; NIMBYism; place attachment; town planning

1. Inleiding

Stadsbeplanners speel ’n belangrike rol in die groei en ontwikkeling van stedelike omgewings (Gallent, Juntti, Kidd en Shaw 2008). Die sukses van omgewingsveranderinge is gedeeltelik gegrond in die stadsbeplanner se vaardigheid om botsende belange tussen mense en hulle omgewing te identifiseer, te verstaan, en om ’n goue middeweg tussen die belange te vind. Dit is veral waar by gevalle waarby stadsbeplanningshandelinge, byvoorbeeld grondgebruikveranderinge, veranderinge in die omgewing tot gevolg het (Gallent e.a. 2008:23). ’n Openbaredeelnameproses is huidig die belangrikste middel waarmee stadsbeplanners gemeenskapsbelange identifiseer wanneer ’n ruimtelike-ontwikkelingsprojek aan ’n plaaslike owerheid voorgelê word. In Suid-Afrika vereis Spluma, die Stadsbeplanning en Grondgebruikbestuurwet, Wet 16 van 2013, dat openbare deelname deel van die formele ruimtelike-ontwikkelingsproses uitmaak (Suid-Afrika 2013). Gemeenskapsinsette word, volgens hierdie wet, in die vorm van skriftelike vertoë by die betrokke munisipaliteit ingedien.

Dit is ongelukkig dat die terminologie van stadsbeplanning meestal na gemeenskapsinsette verwys as *besware* of *vertoë*, terme wat ’n onderliggende negatiewe toon dra. Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (Odendal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit en Booysen 1992:87) definieer *beswaar* as “moeilikheid” of “teëwerping”, terwyl *vertoog* as “pleidooi; beswaar; petisie; protes” gedefinieer word. Hierdie negatiewe toon is ook te bespeur in nimbuïsme, waar *nimbu* staan vir “nie in my buurt”, na aanleiding van die oorspronklike Engelse *NIMBY* (“Not in my backyard”), gedefinieer as ’n spesifieke tipe (en soms emosionele) negatiewe reaksie wat individue en gemeenskappe het teenoor ongewenste grondgebruikveranderinge in hulle buurt, ten spyte daarvan dat die beplande omgewingsveranderinge, gesien vanuit ’n tegniese of ekonomiese perspektief, tot voordeel van die groter gemeenskap is (Kraft en Clary 1991:302–3; Lam, Lee, Fung en Woo 2007; Cass en Walker 2009:63).

In werklikheid kan gemeenskapsinsette waardevolle inligting vir stadsbeplanners ter verbetering van voorgestelde ontwikkelingsprojekte bied (Eranti 2017:287). Onlangse navorsing dui op ’n positiewe verband tussen individue en gemeenskappe wat betrokke raak by die openbaredeelnameproses en die teenwoordigheid van gevoelens van plekgehegtheid by hierdie gemeenskappe en individue (Hesari, Moosavy, Rohani, Kivi, Ghafourian en Pour 2020:933). Alhoewel plekgehegtheid al ’n halfeeu lank nagevors is (Lewicka 2011), het dit eers meer onlangs ’n navorsingsnis in internasionale stadsbeplanningsliteratuur gevind (bv. Beckley 2003; Manzo en Perkins 2006; Burley, Jenkins, Laska en Davis 2007; Hesari e.a. 2020). In die laaste twee dekades het Suid-Afrikaanse navorsers ’n belangstelling in die onderwerp begin toon (bv. Durrheim en Dixon 2001; Chigeza, Roos en Puren 2013; Dixon en Durrheim 2014; Lombard en Ferreira 2014; Roos, Kolobe en Keating 2014; Marais, Cloete e.a. 2019; Dlamini en Tesfamichael 2021). Die meerderheid van plekgehegtheidstudies in Suid-Afrika val egter binne die grense van gemeenskaps- en omgewingsielkunde, geografie en omgewingsbestuur, en slegs ’n beperkte mate van hierdie tipe studies raak aan die onderwerp van stadsbeplanning (soos Puren, Drewes en Roos 2008 en 2007; Puren, Coetzee en Roos 2010; Jordaan en Puren 2012; Mariette 2018). Die navorsing van Mariette (2018) oor die impak van omgewingsveranderinge weens stedelike ontwikkeling in Hatfield Square, Pretoria, is veral interessant

in hierdie opsig. Mariette (2018:103) se bevindinge toon dat omgewingsveranderinge in ’n stedelike gebied oorwegend gevoelens van verlies tot gevolg gehad het vir diegene wat ’n band met Hatfield Square gehad het. Die ervaring van deelnemers se verlies kon verder verfyn word onder temas van ’n verbrokkeling van plekbetekenis, verminderde toegang tot sosiale en ekonomiese geleenthede, en die kwaliteit van ’n plek wat onomkeerbaar verander het.

As sulks is die uitgangspunt vir hierdie artikel dat, in sommige gevalle, gemeenskapsinsette in die vorm van besware of vertoë nie vanuit die oogpunt van nimbuïsme beskou moet word nie, maar vanuit die raamwerk van verplasingsliteratuur. Alhoewel daar prosesse bestaan vir gemeenskappe of individue om deel te neem aan die proses van stedelike ontwikkeling (soos vroeër na verwys), word die niesigbare dimensies van mense se verhoudinge met plek (soos hulle gehegtheid aan plek) nie noodwendig verreken in die besluitneming van stedelike ontwikkelaars nie. Ten spyte van die feit dat daar internasionaal wyd gepubliseer is oor plekgehegtheid vanuit verskeie dissiplines, is literatuur oor plekgehegtheid in ruimtelike beplanning in ’n Suid-Afrikaanse konteks nog in sy kinderskoene (Dlamini en Tesfamichael 2021:2435). Hierdie artikel ondersoek hierdie plekgehegtheid in stedelike ontwikkeling deur verplasingliteratuur as vertrekpunt te neem.

Die eerste gedeelte van hierdie artikel gee ’n oorsig van plekgehegtheid en mens-plek-verhoudinge, die invloed van omgewingsveranderinge op plekgehegtheid, asook die verband tussen versteurde plekgehegtheid, verplasing, en nimbuïsme. Dit word gevolg deur ’n bespreking van die navorsingsontwerp en die twee gevallestudies. Die artikel sluit af met ’n bespreking van die bevindinge en gevolgtrekkings van die navorsing.

2. Mense en hulle verhoudinge met plek

’n Bespreking oor mens-plek-verhoudinge benodig ’n bondige verduideliking van hoe *plek* en *ruimte* van mekaar verskil.

Ruimte kan gesien word as ’n geografiese entiteit met ’n neutrale of abstrakte betekenis (Casey 1996:14; Madanipour 1996:23). ’n Ruimte het fisiese dimensies wat gekwantifiseer kan word (Downs en Stea 1977:84; Carmona, Heath, Oc en Tiesdell 2003:138). Ruimte word met die menslike sintuie waargeneem, maar die sintuiglike waarneming daarvan staan apart van die menslike interpretasie daarvan (Madanipour 1996:12). Wanneer sintuiglike waarneming van ’n ruimte kognitief tot ’n interpretasie van die ruimte verwerk word, koppel die mens ’n betekenis daaraan in ’n poging om sin te maak van die ruimte.

Plek is ’n begrip wat op ruimte gebaseer is. *Plek* word gedefinieer as ’n ruimte waaraan subjektiewe betekenisse geheg is. ’n Plek is dus ’n ruimte wat vir ’n individu en/of ’n groep betekenisvol is (Tuan 1977:73; Violich 2000:113; Dlamini en Tesfamichael 2021). Die mens staan in ’n onskeidbare, emosionele verhouding met die omgewing (Violich 2000:113). ’n Ander term vir hierdie mens-plek-verhoudinge is *plekgehegtheid*.

Plek speel ’n belangrike rol in menslike welstand (Ryan 2005:24), omdat dit as een van die kernonderdele van menslike identiteit gesien word (Tuan 1977:159; Cresswell 2002:12; Hesari e.a. 2020:922). Dit rig hoe mense hulle omgewing verstaan en interpreteer en uiteindelik aan nedersettings vorm gee (Relph 1976:38; Rapoport 1977:9; Tuan 1977:137–8; Cresswell

2002:13). Volgens Relph (1976:38) en Ryan (2005:5) vervul plek so ’n belangrike rol in die alledaagse bestaan van die mens dat dit beskou kan word as ’n basiese menslike behoefte, ’n manier waarop mense hulle plek in die fisiese wêreld kan verstaan en wat uiteindelik as geestelike en sielkundige verhoudinge met ’n plek manifesteer. Alhoewel mens en omgewing aparte entiteite is, is die verhoudinge tussen mense en plek dinamies deurdat dit konstant gevorm en hervorm word deur die interaksie tussen mens en plek (Puren, Roos en Coetzee 2018:19). Mens-en-plek-verhoudinge is dus verweef en onlosmaaklik deel van mekaar.

Plekke kan as simboliese ankerpunte vir mense dien: standvastige, fisiese verwysingspunte wat ’n gevoel van bestendigheid aan individue verskaf (Rubinstein en Parmalee 1992; Twigger-Ross en Uzzell 1996:207, 217). Vanuit ’n sielkundige perspektief is hierdie gevoel van bestendigheid of kontinuïteit belangrik vir menslike welstand, aangesien ’n verlies van bestendigheid in die fisiese omgewing gevoelens van verlies en rou kan aanwakker. Hierdie verband is veral sigbaar in gevalle waar gedwonge verplasing, weens menslike of natuur-gebaseerde faktore, plaasgevind het (Twigger-Ross en Uzzell 1996:208; Xu, Liu, Huang, Xu, Wan en Zhou 2021). Omgewingsveranderinge en die versteuring van plekgehegtheid loop dus in sommige gevalle hand aan hand.

3. Plekgehegtheid, omgewingsverandering en verplasing

Plekgehegtheid is ’n begrip wat die simboliese en emosionele verhoudinge tussen mens en plek verbind (Hesari e.a. 2020). Dit vorm die individuele of gemeenskaplike basis van hoe mense aan hulle omgewings vorm gee en dra ook gedeeltelik by tot die aard van die wisselwerking tussen mense en hulle omgewings (Altman en Low 1992).

Plekgehegtheid is egter ’n ingewikkelde begrip, een wat al uit verskillende oogpunte en deur ’n verskeidenheid van dissiplines nagevors is (Lewicka 2011). Dit maak die definiëring daarvan ewe ingewikkeld. ’n Omvattende definisie vir plekgehegtheid beskryf plekgehegtheid as sowel ’n *produk* of staat (’n emosionele band met ’n plek, gevorm deur die interaksie tussen spesifieke eienskappe van ’n plek en die persoon wat daarmee interaksie het) as ’n *proses* wat die gedrag, kognitiewe en emosionele verknogtheid van individue se ervarings met hulle sosiofisiese omgewings weerspieël (Jordaan 2017:465).

In die lig van hierdie definisie blyk dit dat plekeienskappe ’n rol in plekgebonde, emosionele belewenisse van individue en groepe kan speel. Veranderinge in die fisiese of sosiale eienskappe van ’n plek kan dus gevoelens van plekgehegtheid beïnvloed, hetsy positief of negatief (Davenport en Anderson 2005:638; Cass en Walker 2009:62; Devine-Wright en Howes 2010:277; Radmilli 2011:184). Mense is nie altyd daarvan bewus dat hulle geheg voel aan spesifieke plekke nie, of selfs dat hulle spesifieke betekenisse aan plekke heg nie. In baie gevalle word mense eers bewus van wat spesifieke plekke vir hulle beteken wanneer die moontlikheid bestaan dat daardie plekke vernietig of onherroeplik verander kan word (Ryan 2005:4).

Fisiese en sosiale veranderinge in ’n omgewing kan plekgehegtheid beïnvloed. Nedersettings is nie staties nie, en dit is ’n gegewe dat die sosiale en fisiese strukture van ’n nedersetting mettertyd gaan verander. Hierdie artikel fokus egter op snelle omgewingsveranderinge –

teweeg gebring deur ongereguleerde, onwettige of spekulasie-ontwikkelings wat as ’n dryfveer vir die verplasing van gemeenskappe en individue gesien word (Pacione 2005:147).

Fisiese omgewingsveranderinge is veranderinge in die fisiese eienskappe van ’n plek, soos die vernietiging van plantegroei, die sloping van geboue of strukture, of die vestiging van nuwe geboue, strukture of paaie. Sosiale omgewingsveranderinge is veranderinge in die sosiale karakter van ’n plek, soos ’n verandering in die demografiese eienskappe van ’n buurt, ’n toename in misdaad, of die multikulturalisering van ’n gebied weens ’n toename in immigrasie.

Verplasingsliteratuur is ’n bron van inligting oor die invloed van grootskaalse omgewingsveranderinge op plekgehegtheid. In hierdie tipe literatuur word daar na die verplasing van ’n groot aantal mense as óf vrywillig (in die geval van migrante) óf gedwonge (in die geval van vlugtelinge weens politieke beleide, oorlog of rampe verwys (Lonergan 1998:9; Le Mentec 2006; Harvard 2007:65–6; De Moor en Cliquet 2009; Terminsky 2012; Pirta, Chandel en Pirta 2013). Gedwonge verplasing kan in uiterste gevalle lei tot ’n verlies van eiendom, haweloosheid, werkloosheid, marginalisering, ’n verlies in gemeenskaplike lewensmiddels, voedselonsekerheid, ’n afname in gesondheid en die verbrokkeling van die sosio-ekonomiese netwerke wat onderliggend in hierdie gemeenskappe was (Cernea 1997; Heming, Waley en Rees 2001:202–4). Bestaande navorsing dui ook op ’n verband tussen gedwonge verplasing en toenemende vlakke van angs, depressie en die indirekte verswakking van die sosiopsigologiese hulpbronne wat menslike welstand ondersteun (Hwang, Xi, Cao, Feng en Qiao 2007). Uit verplasingsliteratuur is dit duidelik dat die versteuring van plekgehegtheid as gevolg van verplasing (of selfs net die moontlikheid van verplasing) weens beplande of gerealiseerde omgewingsveranderinge ernstige gevolge vir individue en gemeenskappe inhou.

Ten slotte is dit belangrik dat stadsbeplanners en owerheidsbeplanningsdepartemente die moontlike gevolge van omgewingsveranderinge op plekgehegtheid in ag neem. Die versteuring van mens-plek-verhoudinge kan lei tot vervreemding tussen mense en plek (Roos, Coetzee en Puren 2011). Om so ’n vervreemding te voorkom, is dit nodig om gemeenskapsteenkanting teen ruimtelike ontwikkeling vanuit meer as net ’n nimbuïstiese perspektief te verstaan.

4. Nimbuïsme, gemeenskapsweerstand en plekbeskermende handelinge

In sekere gevalle in die verlede het ontwikkelaars nimbuïsme gebruik om die geldigheid van gemeenskapsweerstand teen stedelike ontwikkelings te bevraagteken (Hiner en Galt 2011:104; Eranti 2017:287). Die nimbufaktor word gewoonlik aan die ontwikkeling van windplase (Devine-Wright 2005 en 2011), tronke, mediese instellings en bekostigbare behuisings- of verdigtingsprojekte gekoppel (Salsich 2000; Lam e.a. 2007:12; Cooper en Tempalski 2014:505). Volgens nimbuïsmestudies is daar verskeie redes hoekom gemeenskapsweerstand plaasvind, naamlik kwessies rondom omgewingsimpakte (omgewingsdegradasie), gesondheidsimpakte (geluidsbesoedeling), veiligheid (toenemende verkeersvolumes en verhoogde risiko van ongelukke), sosiale impakte (’n toename in misdaad) en ekonomiese impakte (veral ’n afname in eiendomswaardes) (Hubbard 2006:93; Lam e.a. 2007).

Plekbeskermende handelinge is enige handelinge, soos gemeenskapsweerstand, wat ten doel het om ’n plek teen omgewingsveranderinge te beskerm, juis omdat die moontlike veranderinge bestaande plekbetekenisse en mens-plek-verhoudinge kan beïnvloed (Stedman 2002:567; Hiner

en Galt 2011:115). Voorbeelde van plekbeskermende handelinge sluit in stemmingmakery/ wandelgangpolitiek ("lobbying") (Hillier 2000:33), petisies, die werwing van openbare ondersteuning deur verskillende media, protesoptogte, en selfs die vorming van 'n menslike ketting deur individue rondom 'n eiendom as 'n teken van protes. Omgewingsveranderinge weens stedelike ontwikkeling is 'n belangrike rede hoekom mense ontwikkelingsprojekte teëstaan (Lombard en Ferreira 2014:397).

Vanuit 'n stadsbeplanningsoogpunt beteken weerstand teen nuwe ontwikkelingsprojekte, ten spyte van sigbare voordele vir die groter gemeenskap, verhoogde finansiële en tydskostes vir die meeste van die betrokke rolspelers, omdat tyd en geld belê moet word om die botsende belange voor die wet te bemiddel (Damer en Hague 1971). In sulke gespanne omstandighede is dit dan maklik om gemeenskapsweerstand onder die vaandel van nimbuïsme te plaas en geldige gemeenskapsinsette te bevraagteken (Devine-Wright 2005:136; Cass en Walker 2009:63; Hiner en Galt 2011:115) sonder om die onderliggende kwessies wat gemeenskaps-weerstand dryf, te verstaan of aan te spreek (Kempton, Firestone, Lilley, Rouleau en Whitaker 2005:124–5).

Die onderliggende kwessies word nie altyd in amptelike vertoë duidelik gemaak nie (Devine-Wright 2005:136; Cass en Walker 2009:63). 'n Verklaring wat hiervoor gegee word, is dat die werklike redes vir weerstand in emosionele faktore gegrond is (soos plekgehegtheids-gebaseerde faktore) en dat diegene wat teen 'n ontwikkelingsprojek protesteer, voel dat hierdie emosionele faktore nie wetlike gewig dra om hulle weerstand te motiveer nie. Die gevolg is dat vertoë soms gerasionaliseer word. Dit word bedek onder 'n motivering wat gemaklik in tegniese of regstaal uitgedruk word en sodoende as 'n legitieme vertoog gesien word (Cass en Walker 2009:66–7). Hierdie tipe vertoë strook soms met die weerstandsredes wat in nimbuïsme vervat word. Dit verklaar hoekom plekgehegtheid, gemeenskapsweerstand, en nimbuïsme aan mekaar gekoppel word (Devine-Wright 2005:136). Navorsing oor plekgehegtheid, gemeen-skapsweerstand en nimbuïsme in Finland (Eranti 2017) verklaar hierdie koppeling deur die begrip *waardeskatting*, waar individue en gemeenskappe 'n ander tipe waarde aan plekke en ruimtelike ontwikkeling heg as wat stadsbeplanners, privaat ontwikkelaars en plaaslike owerhede daaraan heg.

5. Die belang van plekgehegtheid en plekbeskermende handelinge in stadsbeplanning

Manzo en Perkins (2006) en Scannell en Gifford (2010:1) is positief oor die rol van plek-gehegtheid binne stadsbeplanning en illustreer gevalle waar kennis oor plekgehegtheid waardevol vir stadsbeplanning kan wees. Die eerste geval is waar individue of gemeenskappe gevoelens van verlies en rou ervaar as gevolg van rampgedrewe verplasing (Fullilove 1996; Brown en Perkins 1992; Fried 1963). Gevoelens van verlies en rou is ook merkbaar in gevalle waar individue vrywillige verplasing ondergaan as gevolg van immigrasie of om ander ekonomiese redes (Gustafson 2001a en 2001b; Guiliani, Ferrara en Barbotti 2003). Hierdie is gevalle wat waardevol vir stadsbeplanners is om meer insluitende nedersettings te skep in die postapartheid era en die verstedelikingskwessies wat deur stadsbeplanning aangespreek moet word. Plaaslike munisipaliteite en stadsbeplanners dra ook die las van die apartheidsjare se nalatenskap in die vorm van gedwonge verplasing. Die sosio-ekonomiese en emosionele gevolge van die vernietiging van plekke soos Distrik 6 (Kaapstad) en Sophiatown (Johannesburg) is die bekendste van hierdie gevalle, dog daar is 'n menigte ander gevalle van

gedwonge verplasing onder die apartheidsregering wat eers onlangs – en teen ’n stadige pas (Dlamini en Tesfamichael 2021) – deur navorsers en stadsbeplanners ondersoek word (bv. Roos, Kolobe en Keating 2014 en Marais e.a. 2019).

Nog ’n geval waar plekgehegtheid vir stadsbeplanning van waarde kan wees, is ten opsigte van die bestuur van openbare ruimtes (Williams en Stewart 1998; Moore en Graefe 1994; Kyle, Graefe, Manning en Bacon 2004; Brown en Donovan 2014). Plekgehegtheid kan verklaar waarom sekere openbare ruimtes bemin of minder bemin word, waarom sekere plekke veilig voel en ander plekke minder veilig voel, asook hoekom mense hulself vestig of na plekke wat werklik gevaarlik vir hulle gesondheid is, terugkeer (Brown, Perkins en Brown 2003; Billig 2006). ’n Uitstekende voorbeeld van die laasgenoemde word vasgevang in die minidokumentêr van Morris (2013) oor die baboesjkas wat ná die Tsjernobil-kernkragramp na Tsjernobil teruggekeer het, ten spyte van aansienlike gesondheidsgevare.

Laastens kan plekgehegtheidnavorsing verklaar hoekom individue/groepe sekere ruimtelike-ontwikkelingsprojekte teëstaan terwyl hulle in ander gevalle ander ontwikkelingsprojekte ondersteun (sien Nordenstam 1994; Vaske en Kobrin 2001; Vorkinn en Riese 2001; Stedman 2002; Uzzell, Pol en Badenas 2002 en Kyle e.a. 2004). Alhoewel verskeie redes vir individue/gemeenskappe se weerstand teen ruimtelike-ontwikkelingsprojekte verskaf kan word, soos gesien vanuit die perspektief van nimbuïsme, kan subjektiewe motiverings, soos plekgehegtheid, ook onderliggend wees (Devine-Wright 2005:136; Cass en Walker 2009:62). Individue en groepe vorm verskillende tipes emosionele bande met plekke, afhangend van die betekenis en waardes wat hulle aan plekke heg (Greider en Garkovich 1994:8; Eranti 2017:297). Hoe groter die waarde wat uit ’n emosionele band met ’n plek geheg of geput word, hoe groter is die kans dat plekbeskermende handelinge in die aansig van werklike of voorgestelde grondgebruikveranderinge gaan plaasvind (Stedman 2002:567).

Die volgende afdeling van hierdie artikel bou op die laasgenoemde punt. Dit bespreek twee gevallestudies van plekgehegtheid op die Bult, Potchefstroom. Die gevallestudies is gekies om te illustreer dat beide in gevalle van publieke verwerping en publieke aanvaarding van omgewingsveranderinge die onderliggende motiverings van plekgehegtheid beter vanuit die oogpunt van verplasingsliteratuur verstaan kan word as vanuit die fokus van nimbuïsme.

6. Navorsingsontwerp

Vorige studies oor plekgehegtheid (Jordaan 2014:34–42; Xu e.a. 2021) dui daarop dat plek-gehegtheid gereeld vanuit ’n kwantitatiewe-navorsingsperspektief bestudeer word. Alhoewel kwalitatiewe navorsing oor plekgehegtheid gedoen is, val dié tipe studies meestal binne die grense van gemeenskaps- of omgewingsielkunde, wat dui op ’n nis vir stadsbeplanning om plekgehegtheid vanuit ’n kwalitatiewe perspektief te ondersoek.

Vir hierdie navorsing is daar van ’n kwalitatiewe gevallestudie-ontwerp gebruik gemaak, omdat dit ideaal is om individue se belewenisse in en met hulle omgewing te verstaan (Yin 2003; Eisenhardt 2002:31). Die twee gevallestudies is doelgerig gekies omdat hulle diepgaande inligting oor plekgehegtheid en gemeenskapsweerstand binne stadsbeplanning verskaf (Eisenhardt 2002:13; Neuman 2011:268).

Die beginpunt was alle stadsbeplanningsaansoeke wat van 1983 tot 2012 by die Potchefstroomse plaaslike munisipaliteit ingedien is. 1983 was die eerste jaar waarin beplanningsaansoeke op rekord gehou is in Potchefstroom; 2012 was die laaste jaar waarin munisipale gegewens ingesamel is vir die datagenereringstydperk wat as grondslag vir hierdie artikel dien. Neem kennis dat nie alle beplanningsaansoeke gemeenskapsteenkanting ontvang nie. Dit was dus belangrik om die aansoeke verder te verfyn na aansoeke wat 'n opmerklike aantal vertoë ontvang het, in die plaaslike koerant oor berig is en/of 'n besprekingsonderwerp gedurende wykskomiteevergaderings was. Enige beplanningsaansoek wat aan een of meer van hierdie vereistes voldoen het, is gesien as van belang vir hierdie studie. Uit hierdie lys van beplannings-aansoeke is daar uiteindelik twee aansoeke gekies.

Uit die twee beplanningsaansoeke is 309 individue wat beswaar gelewer het teen die gekose aansoeke, geïdentifiseer. Hierdie individue is gekontak eers nadat die navorsingsprojek die groen lig van die Noordwes-Universiteit se Etiese Komitee (etieknommer NWU-00009-11-A4) ontvang het. Daar is met diegene wat belang gestel het om deel te neem aan die navorsing, 'n inleidende onderhoud gevoer om te verseker dat hulle gevestigde belange in die openbare-deelnameproses van die betrokke aansoek gehad het. Hierdie inleidende onderhoud het ook as 'n geleentheid gedien om die vertrouensverhouding tussen die navorsers en moontlike navorsingsdeelnemers te bou om sodoende navorsing van beter kwaliteit te verseker. Uit die oorspronklike beswaarmakerslys is daar uiteindelik 12 deelnemers gekies.

6.1 Gevallestudies

Die gekose gevallestudies was gepas omdat albei binne dieselfde woonbuurt geleë is en 'n opmerklike mate van gemeenskapsweerstand tot gevolg gehad het. Tog het die onderliggende motiverings vir die vertoë uiteindelik gemaak dat een van die gevalle se stadsbeplannings-beslissing positief deur die betrokke partye ervaar is, terwyl die ander een negatief ervaar is. Hierdie spesifieke gevalle is dus gekies om te illustreer dat gemeenskapsteenkanting weens plekgehegtheidsoorwegings nie noodwendig in nimbuïsme gegrond is nie.

Die betrokke buurt staan plaaslik as die Bult bekend en maak deel uit van 'n groter buurt wat amptelik bekend staan as Noordbrug. Die Bult is 'n konseptuele buurt in die volksmond, meer as wat die grense daarvan noodwendig in steen gegraveer staan. Dit beteken dat geografiese verwysings na wat beskou word as die Bult, soms wissel. Vir die doeleindes van hierdie artikel word die grense van die Bult in blou uitgestippel in Figuur 1 en word die gebied suid en suidwes van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus, met Joostestraat as die noordelike grens, die R53 die suidelike grens, en Molenstraat as die westelike grens as die Bult gedefinieer.



Figuur 1. Die ligging van die Bult (Aangepas van Google Earth, 2021)

Die kern van die Bult is Cachet-plein. Noordbrug word as een van die oudste woongebiede in Potchefstroom beskou en bevat verskeie gelyste provinsiale historiese erfenisterreine (Sahris 2021a tot 2021e; Tlokwe Plaaslike Munisipaliteit 2012).

Historiese ontwikkelingsdata van Potchefstroom (2004–2012) toon dat Potchefstroom in die betrokke tydperk onder ontwikkelingsdruk verkeer het weens ruimtelike ontwikkeling, met veral hoëdigtheidwoonstelblokke wat in hierdie tydperk die fokus van ontwikkelaars was (Jordaan 2014:92–5). Op die Bult het hierdie omgewingsveranderinge nie ongesiens verby gegaan nie. In 2011 skryf 'n Potchefstromer aan die plaaslike koerant, die *Potchefstroom Herald*, dat eiendomsontwikkelaars "die karakter van die dorp met goedkoop, lae koste ontwikkelings [sic] verwoes. In die Bult is pragtige ou huise platgeslaan en vervang met woonstelle waarvan sommige tot teenaan die aangrensende eiendomme gebou is" (Van der Walt 2011). Die gevolg van die toenemende fokus op hoëdigtheid-studentewoonstel-ontwikkelings op die Bult was dat die omgewing stelselmatig verander het van 'n laedigtheid-woongebied met ou gesinswonings en gevestigde tuine na 'n gebied gekenmerk deur grootskaalse woonstelblokke, twee of meer verdiepings hoog, met die stedelike plantegroei wat vervang is met geplaveide oppervlakke om voorsiening te maak vir parkering vir die inwoners van hierdie woonstelle. Die toenemende bevolkingsdigtheid het nie net die demografiese profiel van die Bult verander nie, maar het ook probleme soos toenemende verkeersvolumes, geraasbesoedeling en veiligheidskwessies veroorsaak (Le Roux 2014). Verder was daar sorge oor die gesondheid en bewaring van die historiese Steve Bikostraateikelaning (Saayman 2017), asook bestaande en toekomstige bou-erfenisse in die gebied. Die fisiese veranderinge op die

Bult raak sigbaar wanneer lugfoto's van die gebied bestudeer word. Figuur 2 is 'n 2005-lugfoto van die Bult en toon die ligging van die onderwerpe van die twee gevallestudies aan, asook die bestaande fisiese ontwikkeling in die gebied voordat die gebeure van die gevallestudies afgespeel het. Figuur 3 toon dieselfde gebied in 2011, die jaar waarin die gebeure wat in die gevallestudies bespreek word, afgespeel het. In Figuur 3 word die fisiese veranderinge weens verdigting sigbaar wanneer dit met Figuur 2 vergelyk word, met verdigting van enkel-woningerwe en 'n vermindering in privaat groenruimtes soos tuine.

Figuur 2. Die gevallestudies op die Bult in 2005 (Aangepas van Google Earth, 2005)

Figuur 3. Die gevallestudies op die Bult in 2011 (Aangepas van Google Earth, 2011)

6.1.1 Die Combrink-woning

Die eerste gevallestudie, die Combrink-woning, was ’n historiese woning geleë op die hoek van Esselen- en Hoffmanstraat. Die woning (in die 1930’s gebou) is deur Nelly Edwards (1897–1963), die eerste vroulike Suid-Afrikaanse argitek, ontwerp (Barlin en Chaskelson Argitekte 2007:16). ’n Uitsonderlike eienskap van die Combrink-woning was die ontwerp van die vensters en deure, almal sterk deur die Art Deco-beweging beïnvloed (Du Toit 2008).

Die ligging van die eiendom, direk langs Cachet-plein en binne stapafstand van die NWU en die destydse Aardklop-feesterrein, het die eiendom onder ontwikkelingsdruk geplaas. In 2007 het die eiendom van eienaars verwissel, met die nuwe eienaar wat min moeite gedoen het om die eiendom en die woning vir die ses huurders van die woning in stand te hou (Jordaan 2014:148). ’n Jaar later verneem inwoners van die Bult dat die ontwikkelaar beplan om die woning te sloop en ’n woonstelblok met bykomende besigheidsregte op die perseel te ontwikkel. Hierdie aansoek is deur lede van die gemeenskap teengestaan. Van die beswaarmakers het ’n hofbevel teen die ontwikkelaar gekry om die beplande sloping stop te sit, met die ondersteuning van die Minister van Kuns en Kultuur, maar die ontwikkelaar het kort daarna, in die vroeë oggendure, die woning onwettig met ’n stootskraper begin sloop. Die skade aan die woning was onherstelbaar, sodat dat die woning uiteindelik in geheel gesloop moes word.

6.1.2 P1 Restaurant

Die tweede gevallestudie, P1 Restaurant, geleë te Steve Bikostraat 124, was ’n tweeverdieping-woning met besigheidsregte (kunsgalery en teetuin) en was van min historiese waarde (Müller 2012). In 2010 is die eiendom verkoop en het die nuwe eienaar ’n houtstruktuur onwettig aangebou om die restaurantfunksie van die eiendom uit te brei. Hierdie uitbreiding het dit moontlik gemaak om ’n groter aantal klante te bedien – meestal studente vanweë die nabye universiteitskampus – wat verkeersvolumes en geraasbesoedeling in die direkte omgewing verhoog het. Verskeie deelnemers het vermeld dat in ’n tydperk waarin die geraasbesoedeling uitermatig was, hulle fisiek gedreig is wanneer hulle oor die geluidsvolume van die restaurant se musiek en klante gekla het.

Omdat die grondgebruik op die perseel op daardie stadium in 2010 onwettig was, het die eienaar ’n amptelike hersoneringsaansoek by die plaaslike munisipaliteit ingedien, maar weens die besware vanaf die plaaslike inwoners is die aansoek uiteindelik nie goedgekeur nie. In 2011 is ’n tweede hersoneringsaansoek ingedien om die gebou te sloop en is die perseel, tesame met ’n aangrensende eiendom, herontwikkel as ’n studentewoonstelblok. Die tweede hersonering vir die gebruik van die perseel vir woonstelle was aanvaarbaar vir diegene wat teen die eerste hersonering beswaar gemaak het, en die ontwikkeling het nie verdere merkbare teenkanting vanaf die publiek ontvang nie.

6.2 Data-insameling en -verwerking

Die data is ingesamel deur middel van argiefontleding, liggingsgebaseerde onderhoude met deelnemers en gevallestudie-gekoppelde foto’s wat deur die deelnemers tydens die onderhoude self geneem is. Liggingsgebaseerde onderhoude is onderhoude wat op ’n spesifieke plek – een wat betrokke is by die navorsing – gevoer word. Die onderhoude en fotodata is gebaseer op ’n gestandaardiseerde gevallestudieprotokol (Yin 2009), wat beteken dat dieselfde basiese stel

oop vrae aan al die deelnemers gestel is. In gevalle waar dit nodig was om iets met die deelnemers uit te klaar, is opvolgvrae gevra om meer inligting te verkry (Neuman 2011:451).

6.2.1 Argiefontleding en dataverwerking

Die voordeel van argiefontleding is dat die navorser toegang het tot ’n groot hoeveelheid inligting wat nie teenoor die navorser reageer nie en in ’n grootliks gestandaardiseerde vorm op rekord vasgelê is (Berg 2001:191). Die doel van die argiefontleding was om agtergrond-inligting oor die gevallestudies te bekom, asook om navorsingsdeelnemers daaruit te identifiseer.

Die gekose hersoneringsaansoeke is deur middel van tematiese inhoudsontleding ontleed. Vir hierdie fase van die ontleding is daar van gestruktureerde kodering gebruik gemaak om bestaande sonering en grondgebruike, asook belangepartye, op ’n gestandaardiseerde manier te identifiseer.

6.2.2 Liggingsgebaseerde onderhoude, fotografiese data, en dataverwerking

Die liggingsgebaseerde onderhoude is óf voor die Combrink-perseel óf voor die P1 Restaurant-perseel gevoer. Hierdie tipe onderhoude word gesien as ’n vorm van verhaalskepping wat deur die navorsers asook die deelnemers geskep word (Neuman 2011:449–50). Die element van verhaalskepping word versterk deurdat die deelnemers fisies by die plek is wat onderliggend tot daardie verhaal is (Rishbeth 2014). Die deelnemers kon as’t ware die terrein gebruik om hulle persoonlike ervarings vir die navorsers aan fisiese kenmerke van die plek te koppel. Vir sommige deelnemers was so ’n terreinbesoek egter om mobiliteitsredes nie moontlik nie. In hierdie beperkte gevalle is die onderhoude met die deelnemers in hulle wonings gevoer.

Uiteindelik het 12 individue ingestem om deel uit te maak van die navorsing. Die doel van die onderhoude was om die deelnemers se opvattings (definisies) van *plekgehegtheid* te ondersoek, asook om die verband(e) tussen hierdie opvattings en die deelnemers se betrokkenheid by die openbaredeelnameproses vir die spesifieke gevallestudie te verstaan.

Elke onderhoud is begin met die versoek om vyf foto’s van die betrokke terrein te neem, nie net met die doel om fotografiese data te skep nie, maar ook om as intreevlaknavorsingsvraag te dien om die ys tussen ons en die deelnemers te breek (Neuman 2011:450). Die eerste vraag wat aan die deelnemers gestel is, was: “Voordat ons met die onderhoud begin, wil ek jou vra om asseblief vyf foto’s te neem van enige iets hier wat vir jou belangrik is.” Die vyf foto’s is later in die onderhoud opgevolg deur aan die deelnemers te vra: “Verduidelik asseblief wat elke beeld vir jou beteken.”

Volgens Allen (2012:443–4) is die foto’s wat navorsingsdeelnemers neem, ’n nuttige middel vir deelnemers om hulle persoonlike ervarings met die navorser te deel, juis omdat dit ’n gemeenskaplike punt van bespreking tussen die navorser en die deelnemers skep (Given 2008:619). Die foto’s het ook die deelnemers gehelp om hulle geheue oor die betrokke gebeure te verfris, en in sommige gevalle kon hulle hul herinneringe aan die gebeure binne die konteks van die plek verbaal skets, al het die plek op daardie stadium anders gelyk as in die stadium waarin die betrokke gebeure plaasgevind het (Tonge, Moore, Ryan en Beckley 2013:41).

Hier is ’n voorbeeld van ’n deelnemer se reaksie:

> Toe ek by Esselen gestaan het en ek het spesifiek die sypaadjie afgeneem waar die bome uitgehaal is … het ek in my gedagtes die voordeur weer gesien, en die bay windows weer gesien.

Dit was belangrik dat die deelnemers verduidelik wat hulle foto's vir hulle beteken, omdat dit in die deelnemers se eie woorde verklaar hoe en hoekom hulle emosioneel geheg aan die plek onder bespreking voel (Thomas 2011:166; Smith, Gidlow en Steel 2012:370). Dit beteken dat die fotodata nie deur die navorsers gegenereer is nie, maar deur die deelnemers self (Von Maltzhan en Van der Riet 2006:118).

Die volgende deel van die onderhoude het vier beskrywende tipes vrae bevat, waarvan die eerste twee op die tema van plekgehegtheid gefokus het: (i) "Vertel my meer van hierdie plek" en (ii) "Vertel my asseblief van jou persoonlike ervaring van hierdie plek."

Die laaste twee vrae het gefokus op die tema van openbare deelname, naamlik: (iii) "Vertel my asseblief van jou betrokkenheid by hierdie deelnameproses", en dan die kontrasterende tipe vraag: (iv) "Op grond van jou belewenis van die deelnameproses, het jy enige voorstelle vir so 'n proses in die toekoms?" Die doel van die laaste vraag was om die deelnemers kans te gee om terug te dink aan hulle belewenis van die openbare deelnameproses, en hulle ervaringe daarvan vanuit hulle perspektief te deel (Neuman 2011:454).

Elke onderhoud is digitaal opgeneem, getranskribeer en met die fotodata geïntegreer voordat dit ontleed is. Die getranskribeerde onderhoude en foto's is tematies, met behulp van oop kodering, ontleed. Die kodes is daarna gekategoriseer onder die verskillende temas wat vanuit die data voortgespruit het (Neuman 2011:514).

7. Betroubaarheid van die navorsing

Die geloofwaardigheid van hierdie navorsing is gebaseer op gedetailleerde beskrywings (Engelse skrywers noem dit "thick descriptions"), en triangulasie (Tracy 2010:841). Die liggingsgebaseerde onderhoude het gesorg dat die persoonlike belewenisse en plekgebaseerde betekenisse van die deelnemers binne verband met mekaar staan om sodoende geloofwaardigheid te vestig (Geertz 1973). Triangulasie – die gebruik van minstens drie databronne wat tot samelopende gevolgtrekkings lei (Denzin 1978; Yin 2003:99; Neuman 2011:164) – is in die navorsing verseker deur die gebruik van drie tipes databronne, naamlik argiefdata, onderhoud-data en fotografiese data. Die gebruik van dieselfde gevallestudieprotokol in albei gevalle (Yin 2009) dra by tot die betroubaarheid van hierdie navorsing.

Betroubaarheid ("reliability") is verseker deur elke stap van die navorsingsproses te dokumenteer, asook deur dieselfde gevallestudieprotokol in albei gevalle te gebruik (Yin 2003:24). Die betroubaarheid van die datavertolking is verseker deur die bevindinge, tesame met die transkripsie van die toepaslike onderhoud individueel aan die deelnemers voor te lê. Sodoende kon die deelnemers bevestig of die datavertolking met hulle interpretasie van hulle plekgehegtheid- en persoonlike ervaringe strook (Tracy 2010:844) en kon hulle, indien nodig, enige wysigings aanbring.

8. Bevindinge

Vanuit die data het ’n verskeidenheid temas voortgevloei, waarvan drie van belang is vir hierdie artikel, naamlik: (i) Deelnemers voel geheg aan hulle direkte omgewing. (ii) Omgewingsveranderinge speel ’n rol in deelnemers se ervaringe van plekgehegtheid. (iii) Deelnemers se weerstand teen omgewingsverandering weens grondgebruikverandering toon ooreenkomste met van die bevindinge van verplasingsliteratuur.

8.1 Gehegtheid aan plek

Uit die data-ontleding was dit duidelik dat die deelnemers geheg voel aan die plekke waarbinne hulle hul alledaagse lewens uitleef, soos hulle wonings en die direk omliggende buurt. Hierdie plekgehegtheid is grootliks gewortel, eerstens, in die siening dat hulle vrylik gekies het om hulself in hierdie plekke te vestig, juis omdat dit plekke is wat ’n bepaalde leefstyl moontlik maak of lewenskwaliteit verseker:

> … dis soos naby. Dis nie naby sodat ons die klank [van die straat af] kan hoor nie, maar dis naby sodat ons gou Spar toe kan gaan of … om alles te bereik sonder om geld te mors om te ry [met die kar].

Nog ’n deelnemer bevestig hierdie stelling:

> **Deelnemer:** Dis ook … ’n bietjie van die moontlikhede wat die buurt vir ons gee … Dit wys vir ’n mens dat binne hierdie wisselende behuising … is daar die moontlikhede om hierdie tipe fietsry/stap-leefstyl te hê.
>
> **Navorser:** Meer fisies connected interaksie, in plaas van net klim in jou hokkie met jou kar en ry verder na ’n ander hokkie toe?
>
> **Deelnemer:** Presies. Dit maak dit moontlik hierdie gemengde digtheid goeters, want die supermark is net daar en die Bult is dié [kant toe]. Dis die voordele wat hierdie meer dinamiese omgewing ’n mens gee, is jy kan daai tipe leefstyl hê.

Die meerderheid van die deelnemers het op daardie stadium vir ’n dekade of meer op die Bult gewoon. Die meeste van die deelnemers was grondeienaars en al die deelnemers het gekies om op die Bult te woon as gevolg van die nabye ligging van die universiteit (vir werk of studie) en skole (vir hulle kinders):

> Ons het daar meer as 30 jaar gewoon in daardie huis. Ons het daar gebou en baie spandeer aan daardie plek omdat dit so goed geleë was vir my man by die universiteit en vir ons kinders by die laerskool en by die hoërskool. En die twee seuns het albei ingenieurswese op universiteit studeer … Dit was vir ons só ideaal as gesin.

Die atmosfeer van die Bult was ook van belang vir die deelnemers, aangesien dit ’n mengsel van familiewonings en, oorspronklik, laedigtheidstudentebehuising bevat het, asook gevestigde plantegroei wat die gebied verfraai (Figuur 4):

> **Deelnemer:** Ek meen, van hierdie kant van die straat is weer … Dit is soos ’n country garden-effek. Jy weet, as jy na die een kant van die straat kyk, dan sien jy die hoë

digtheid … en as jy aan die ander kant kyk, dan is dit rural. Dit is vir my mooi van die buurt.

Navorser: Die variëteit?

Deelnemer: Ja, die verandering. Daar's bietjie … dis nie suburbia nie, dis eintlik hoekom ek dit hier so … dis 'n jungle. My tuin is eintlik 'n jungle, 'n bos.

Figuur 4. Gevestigde plantegroei op die Bult (Bron: Deelnemerfoto, 2013)

Een van die deelnemers, iemand wat lank in Wes-Europa gewoon het en teruggekeer het na sy geboortehuis op die Bult, vind dat die Bult in sommige opsigte ooreenstem met die stedelike atmosfeer van Wes-Europese nedersettings. Hierdie atmosfeer staan in teenstelling met wat hy as die gemiddelde Suid-Afrikaanse woonbuurt sien, waar die middel- en hoër klasse hulself toenemend fisies onttrek van die openbare ruimtes van nedersettings deur hulle intrek in geslote eiendomme en ontwikkelings te neem:

> Wat vir my besonders is van hoe ek hier bly, is juis dis so heeltemal 'n bietjie nie tipies Suid-Afrikaans nie, want ek bly so op die straat. En dit is iets wat mens nie altyd hier by ons kry nie. ['n Ander deelnemer] se huis is ook so … Dis ook 'n keuse wat 'n mens maak. Ek bedoel ek kon ook seker 'n hoë, 8m-heiningmuur gebou het om af te sluit van die straat af en dit is nie gedoen nie, omdat ek hou van hier sit buite en voel 'n bietjie – kom ons sê – in kontak met die omgewing. Dit is vir my 'n ideaal, die idee van sit hier in so 'n klein woud … Soos wat die buurt nou is, dink ek is dit 'n lekker buurt en dis 'n lekker omgewing, of "plek" soos jy sê (the sense of place), want dit het karakter, dit het lewe.

Vir van die deelnemers was sekere plekke, soos die Combrink-woning (Figuur 5), van spesifieke historiese belang binne hulle eie persoonlike raamwerk van wat histories waardevol is:

> … dit was nie ’n besondere mooi woning nie. Maar daar was … voldoende sentimentele waarde aan hierdie woning dat dit beskerm moes word. Dis nou volgens oorlewering: Dit was die eerste vroue-argitek wat dit ontwerp het. So, ek dink in daai opsig was dit jammer dat die woning gesloop is … So my persoonlike ervaring met Esselenstraat 24? Ag weet jy, ek dink dit sou goed gewees het om dit te bewaar ter wille van die historiese waarde daarvan. Ek dink dit sou nice gewees het.

Figuur 5. Die Combrink-woning (Bron: Bosch 2010)

Die Combrink-woning het as historiese woning as ’n fisiese baken op die Bult gedien, juis omdat dit ’n unieke ontwerp gehad het:

> Wel, dit was ’n relatiewe unieke ontwerp van die huis en dit het verskil van die ander geboue wat in meer die semi-Victoriaanse styl gebou was. Hy het nou hierdie Art Deco-tipe styl gehad, met sekere tipe glasvensters wat relatief uniek was in terme van argitektuur … So vir ons was die feit dat daar nog ’n huis uit die vorige era … het tot in ’n mate ook ’n bietjie atmosfeer in hierdie deel van die straat geskep en ’n ou sal dit graag wil behou. Op daai stadium was daar nog geen van die woonstelle af in Hoffmanstraat gebou nie; dit was alles net ou woonhuise gewees. En ons het gehoop dat as ons al die erwe kon bly behou, dan sal daar dalk geen ontwikkelings toegelaat word nie. Maar toe die eerste huis eers geval het, toe’s dit maar ’n kwessie van twee of drie jaar toe’s daar seker tien ander huise ook in die straat gesloop en toe was daar net nie meer keer nie.

8.2 Die invloed van omgewingsveranderinge op plekgehegtheid

Uit die laaste aanhaling hier bo kan gesien word dat die omgewingsveranderinge weens ruimtelike ontwikkeling binne ’n kort tydperk opmerklik was. Vir sommige van die deelnemers was die sloping van die Combrink-woning ’n verlies, asook ’n teken van die *moontlike* verlies van ’n bekende omgewing weens die grondgebruik- en demografiese veranderinge:

> Die verkeer, die lawaai, die totale ontwikkeling was nie meer vir ons aanvaarbaar nie … Baie keer laat in die aande, veral Saterdae-aande of Vrydae-aande, dan is daar 'n ongeluk op daai hoek van die straat [h/v Esselen en Hoffman] gewees … en daar was wilde parties in Esselenstraat … En pale is afgery en so aan, jy weet? Mens het glad nie meer lekker gebly daarso nie … Dit was vir ons … Dit was so 'n gedruis en motors-motors-motors.

Die onwettige sloping van die Combrink-woning (Figuur 6) was vir een van die deelnemers 'n dramatiese herinnering. Die deelnemer het, saam met ander inwoners, probeer om 'n menslike ketting voor die ingang van die perseel te vorm om die sloping stop te sit. Alhoewel hulle nie suksesvol was om die sloping te voorkom nie, kan hulle aksies as 'n voorbeeld van 'n plekbeskermende handeling gesien word.

> **Deelnemer:** [O]ns het besluit ons gaan betoog teen die sloping, maar ons het nie geweet dit gaan so gou gebeur nie. Ons sou net eers basies vriendelik betoog het vir die bewaring van Art Deco [bou-erfenisse] en ons het die pers gekry om te kom foto's neem vir die oggend agtuur … Ons wou die aandag vestig op ons staan dit [die sloping] teen. Iemand moes vir hom [die ontwikkelaar] laat weet het ons gaan 'n human shield vorm om die gebou en ek dink hy't besluit hy sal nou vinnig moet werk.
>
> **Navorser:** So die vriendelike protes – soos ek verstaan uit ons eerste gesprek – was 'n wettige ding; julle het die regte kanale gevolg en toestemming gekry?
>
> **Deelnemer:** Ja.
>
> **Navorser:** Die betoog vir Art Deco [bou-erfenisse] was toe nou actually op die dag wat hy [die ontwikkelaar] die huis gesloop het?
>
> **Deelnemer:** Ja. Ons het nie geweet hy gaan daai dag die huis sloop nie … Ek dink hy moes van iemand gehoor het dat ons by die [opleidingskool] gaan 'n human shield vorm … Ek het die Erfenismense gebel [Potchefstroom Erfenis], ek het Mafikeng gebel om te hoor …
>
> **Navorser:** … die Heritage Authority by Mafikeng?
>
> **Deelnemer:** … ja, het ek gebel en alles … Wat vir my ontstellend was, is toe ons daar kom, toe't hy [die ontwikkelaar] begin met die stootskraper.
>
> **Navorser:** Dis nou die oggend nadat hy alreeds die dak afgehaal het?
>
> **Deelnemer:** Hy't die dak die aand beginne afhaal, nege-uur die aand het hy die dak beginne afhaal.
>
> **Navorser:** Het julle toe nou ooit kans gekry om julle human shield te vorm?
>
> **Deelnemer:** Ons het aan die oorkant van die sypaadjie begin staan en toe was die stootgraaf daar. Toe ons beginne beweeg oor die sypaadjie na die oorkant toe, toe't die polisie gekom en ons stopgesit en gesê hulle gaan ons arresteer. Toe mag ons nie ingegaan het nie, want dit is sy [die ontwikkelaar] se property. Toe wil hulle ons arresteer.

Navorser: Wat het hy [die ontwikkelaar] gedoen?

Deelnemer: Hy't so gesit op die stootskraper.

Navorser: Duime in die lig? [Op hierdie stadium het ek reeds die koerantfoto gesien.]

Deelnemer: Hy't persoonlik op die stootskraper geklim. Ek dink daar was 'n ander man by op die stootgraaf en toe't hulle beginne … Dis toe dat ['n student van die deelnemer] het begin huil.

Navorser: O, dis die student by julle?

Deelnemer: Ja. Het hy begin huil.

Figuur 6. Die onwettige sloping van die Combrink-woning (Bron: Botha en Eloff 2008)

Terwyl die sloping van die Combrink-woning 'n simbool van bou-erfenisverlies en onherroeplike omgewingsverandering is, is die P1 Restaurant weer 'n simbool van die ingrypende invloed wat negatiewe omgewingsveranderinge op die daaglikse lewenskwaliteit van die deelnemers het. Navorsing oor die emosioneel herstellende waarde van plekke (bv. deur Korpela en Hartig 1996; Grahn en Stigsdotter 2003; Nordh, Alalouch en Hartig 2011; Korpela, Borodulin, Neuvonen, Paronen en Tyrväinen 2014) toon dat individue se wonings en stedelike plantegroei 'n merkbare positiewe invloed op die menslike gemoed en welstand het (Stedman en Ingalls 2014). Die onwettige grondgebruike op die terrein van die P1 Restaurant het die emosioneel herstellende waarde van plek ongedaan gemaak:

> Ek dink dit is een ander ding van hierdie aspekte – noem dit nou maar sosiale interaksie – wat nie aangenaam of bevorderend was nie. Dit kom van hierdie ideaal van

> ons wil graag soos gewone mense op ons stoepe sit en kuier en vriende kan oornooi, dan het jy hierdie … Die geraasvlakke met tye was só erg … Dat in die kombuis kon ons mekaar nie hoor praat nie. Ons moes vir mekaar staan en skree in die kombuis, want hulle't regtig, regtig, regtig hard musiek gemaak. Dit is een-twee-drie rye kamers voordat jy by die huis kom, so jy't al die deure en goeters toe, dan moes ons op mekaar geskree het om gehoor te word in ons eie huis. En ek dink hoekom dit belangrik is, is dat iets soos stads- en streekbeplanning gaan nie net oor die kaarte van wie is waar nie, maar dit gaan ook oor die interaksie tussen mense. So dit gaan nie net daaroor om geskikte plekke te kry vir goeters of wat ook al, maar dit gaan ook oor die persoonlike verhoudings [van mense wat dieselfde woonruimte moet deel]. So die feit dat ek vir 'n sekere hele lang ruk glad nie my stoep gebruik het nie. Ek kon nie vriende oornooi nie, want jy kan nie, jy kan nie mekaar hoor nie. Ons kon – terwyl ons middagete eet of aandete eet in ons kombuis as 'n gesin – nie met mekaar kommunikeer nie.

Die druk wat op familiebande en -interaksies geplaas is weens die toenemende geraas-besoedeling en verkeersdruk in die omgewing word deur 'n ander deelnemer beaam:

> [J]ou hele familie samesyn kom onder druk, want almal is met almal geïrriteerd.

Nog 'n deelnemer het hierdie ervaring gestaaf en aangetoon dat hierdie omgewingsveranderinge selfs tot binne-in hulle werksfeer uitgekring het:

> ['n Ander deelnemer] het gesê hy't ses maande [se werksvordering] verloor. Nou ek het nie eers my maande getel nie; ek het net probeer survive … Ek het op daardie stadium net met my eie werk begin by [haar werksplek] en ek het begin dink om my D [PhD] te begin doen … So ek het net survive … Alhoewel ek onthou ek het min nagte geslaap. Op die ou einde was dit die grootste stressor gewees.

Deelnemers het ook 'n verandering in die sosiale sfeer van die direkte omgewing opgemerk weens die omgewingsveranderinge wat deur die opening van P1 Restaurant meegebring is. Dit was veral merkbaar gedurende die Aardklop Nasionale Fees toe die feesterrein nog op Cachet-plein gehou was:

> **Deelnemer:** Maar die ding wat met Aardkloptyd erg was, was die mense het soos ons driveway as hulle badkamer gebruik.
>
> **Navorser:** Net met Aardklop?
>
> **Deelnemer:** Nee, dit was soos in Aardklop die ergste gewees, want daar was mos nou baie meer mense. Maar nee, soos die heel tyd … Higiëniesgewys was dit [P1 se klante se handelinge] ook nie baie aanvaarbaar gewees nie … hy [P1 Restaurant-klante] kom bou sy hoop hier op die plaveisel voor die hek! Dan moet dit verwyder word! Nie net in ons oprit nie, maar ook hier op die grond op die sypaadjie! … Maar dit was nie die hoofklagte nie. Die hoofklagte was daai geraas. Jis, dit was uiters steurend gewees.
>
> **Navorser:** Hoe't julle dit toe ervaar toe die geraas eventueel stop? Julle lewenskwaliteit?
>
> **Deelnemer:** Nee jinne, dit het alles weer terug gegaan na normaal toe.

Gedurende een van die onderhoude het ’n deelnemer vertel van ’n geleentheid waar rolspelers betrokke by die gebeure van die P1 Restaurant bygedra het tot die toenemende verbrokkeling van die sosiale omgewing van die buurt:

> [’n Ander deelnemer] het een keer een aand sy ma [wat saam in die deelnemer se huis gewoon het, al diep in die sewentigs op daardie stadium] daar [op P1-perseel] gehad en die [persoon] het haar verbally ge-abuse. Ons het gedink dit sal nie gebeur nie, maar die polisieman [wat ingeroep is deur ’n deelnemer om te help om die vrede te bewaar] het daar gestaan, hy het dit net hanteer, hy is al so gewoond aan P1 en die inwoners wat so nou al kwaad is hiervoor. So daai aand sal ek dit nooit vergeet nie.

Oorlewing is ’n onderwerp wat verskeie kere na vore gekom het, telkens weens verskeie ander aspekte van die deelnemers se lewens, byvoorbeeld kankerbehandeling of die verlies van ’n geliefde:

> [D]it was vir ons verskriklik mooi, hierdie akkerbome voor ons huis. So, ek is baie lief vir bome … Toe ek na chemo en bestraling uitloop, kyk ek die bome só en ek sien die groen kom uit … Ek het só gehuil … die akkerbome [die historiese eikelaning in Steve Bikostraat] was vir my baie mooi.

Die ander voorbeeld van oorlewing as onderwerp sluit aan by die laaste navorsingstema wat uit die data geïdentifiseer is, naamlik die vraagstuk of die gebeure in die gevallestudies beter verstaan kan word vanuit die oogpunt van nimbuïsme of vanuit verplasingsliteratuur.

8.3 Gemeenskapsweerstand: ’n kwessie van nimbuïsme of plekgehegtheid?

Op die oog af lyk dit asof die redes hoekom die deelnemers weerstand teen omgewingsveranderinge gebied het, deur nimbuïsme verklaar kan word: Stedelike-ontwikkelingsprojekte het omgewingsveranderinge, soos die sloping van historiese strukture, geraasbesoedeling, veiligheidskwessies en ongewenste sosiale gebeure tot gevolg gehad in ’n omgewing wat voorheen deur ’n historiese, rustige, en familie-georiënteerde atmosfeer gekenmerk was.

Opsommend toon die argiefdata dat die amptelike vertoë teen die twee hersoneringsaansoeke op die volgende redes gebaseer is (Lamprecht 2011:15):

- Die ontwikkelaar het nie die nuutste bouplan of ’n terreinontwikkelingsplan saam met die hersonering ingedien nie.
- Die struktuur op die perseel is ouer as 60 jaar en het dus moontlike historiese waarde.
- Die infrastruktuur op die Bult is verouderd en het nie die kapasiteit om meer verdigtingsprojekte te hanteer nie.
- Verdigting soos voorgestel deur die hersoneringsaansoeke gaan tot ’n toename in verkeersvolumes lei.
- Grondeienaars beleef ’n verlies van privaatheid weens hoë woonstelblokke wat uittroon oor eenverdiepingfamiliewonings.
- Eiendomswaardes gaan afneem as gevolg van die bogenoemde faktore.
- Die grondgebruik moedig geraasbesoedeling aan en beïnvloed die fisieke veiligheid van die bestaande inwoners.

- Daar is alreeds ’n ooraanbod van studentebehuisingseenhede op die Bult, waarvan ’n hele aantal onverhuurd staan.
- Die strukture op die perseel is onwettig aangebou en maak dit moontlik vir onwettige grondgebruike om voort te gaan tot nadeel van die omliggende inwoners.

Nadere betragting van die redes onderliggend aan die gemeenskapsteenkanting in die twee gevallestudies impliseer ’n gelaagdheid van die vertoë; dat dit – byvoorbeeld in die geval van P1 Restaurant – nie net geraasbesoedeling is wat die kwessie is nie (soos wat in die vertoë vermeld word nie), maar die gevolge van geraasbesoedeling op die deelnemers se lewens-kwaliteit en hulle verhoudings met hulle gesinne en hulle werk. In die geval van die Combrink-woning was dit nie net die verlies van ’n ongedokumenteerde bou-erfenis nie, maar ’n geliefde buurt wat so snel van karakter verander het dat dit onmoontlik geword het vir inwoners om nut te put uit die emosioneel herstellende waarde wat daardie gedeelte van die Bult in die verlede vir hulle gebied het.

Vir van die deelnemers was die omgewingsveranderinge eenvoudig te veel:

> [D]it het ons ook baie ontstel toe ons as’t ware gedwing word om daar te verkoop [hulle woning op die Bult], omdat die ontwikkeling het ons versmoor. Ons kon nie meer daar asemhaal nie.

Ander deelnemers het nie ’n keuse gehad om weg te trek nie, juis omdat hulle plek soveel vir hulle simboliseer:

> Dit is ’n hele lewe. Dis die huis wat met ons eie hande gebou is, waarin ons bly. Soos my ma gesê het: Sy’t haar kinders hier groot gemaak. Al haar herinneringe is hier. Al haar ervarings is hier. En daai goed kom glad nie … Dit was net vir niemand belangrik nie. Dis nie waaroor dit gaan as buurte verander word nie.

Die tema van omsluiting (“containment”) loop hand aan hand met die temas van oorlewing en die emosioneel herstellende waarde van plek waarna voorheen verwys is. Omsluiting verwys, in die geval van die deelnemers se belewenisse, na hoe hulle hul wonings – voor die omgewingsveranderinge – ervaar het as plekke waar hulle fisiek en emosioneel veilig gevoel het. Hulle wonings het as ’n veilige hawe teen moontlike negatiewe ervarings buite hulle erfgrense gedien (Jordaan 2014:184).

Omgewingsveranderinge, soos rommelstrooiing, geraasbesoedeling, onwettige parkering en sosiale wangedrag het letterlik en simbolies oor die grense van die deelnemers se eiendomme gespoel en die emosioneel herstellende waarde van hulle wonings ongedaan gemaak. Die gevoel van omsluiting was deur die omgewingsveranderinge gebreek. Dit was moeilik vir die deelnemers om voort te gaan met hulle alledaagse lewens weens die druk wat hierdie omgewingsveranderinge op hulle uitgeoefen het, terwyl hulle self met ander kwessies soos eksamens, studies, werksdruk en persoonlike probleme geworstel het. Die omgewings-veranderinge het dit moeilik gemaak om te “oorleef”, wat die deelnemers verder gedryf het om die voorgestelde hersoneringsaansoek teen te staan:

> **Deelnemer:** [I]n daai tyd is die mense hier oorkant se seun oorlede en … Die seun was baie kort getroud en die vrou en die seun het by haar skoonouers gebly. En in daai tyd kon sy nie – ek bedoel, haar man van sewe of ses maande lank was hulle getroud – is

> hy oorlede en hulle kon nie, sy kon nie haar kop bymekaar kry nie, want hierdie mense [P1 Restaurant se klante] is die heeltyd besig om dit só [te raas]. Die mense aan die agterkant se skoonpa of skoonma is oorlede en vir hulle was dit dieselfde tipe situasie van daai tipe goed wat 'n mens in jou huis wil kan doen as familie, selfs om te rou oor mense wat doodgaan, kan jy nie doen nie, want hierdie mense [P1 Restaurant] is besig om jou van jou verstand af te dryf … Dit gaan letterlik tot dinge soos mense wat moet rou oor geliefdes wat dood is en jy kan nie daaroor rou nie, want …[die deelnemer aarsel]
>
> **Navorser:** … jou omgewing laat jou nie toe nie?
>
> **Deelnemer:** … jou omgewing laat jou glad nie toe om dit te doen nie … op 'n diep vlak, interpersoonlik en intrapersoonlik in jouself, is dit regtig sleg.

Soos wat die verlies van die Combrink-woning letterlik 'n beswaarmaker laat ween het, het die gebeure rondom die P1 Restaurant-ontwikkeling ook 'n gevoel van trauma by die deelnemers ontlok:

> En as jy nou in só 'n situasie is waar dit só gaan [raas], dan beïnvloed dit … elke moontlike area van jou lewe word beïnvloed deur so iets wat net hier skielik op jou stoep verskyn. Ek laat dit nogal traumaties klink, want dit was traumaties. Dit was vir die buurt … 'n ernstige, groot trauma waardeur mense moes werk.
>
> Ek dink dis omdat mense nie hierdie tipe ervaring gehad het wat ons gehad het nie. Jy weet, letterlik ervarings van vir 'n jaar kan jy nie slaap nie; jy kan nie met jou mense praat nie. Dit is so erg hoe dit was. Jy word finansieel redelik tot op 'n ver punt gedryf.
>
> "We have to love this place, when things go wrong." Jy moet tot 'n mate lief wees vir die plek waar jy bly, anderster gaan jy van jou kop af gaan. As so iets verkeerd gaan – dit is nie net die opsie van – hierdie mense [P1 Restaurant] het vir ons 'n paar keer gesê: "Ja maar julle moet net trek." Well, that's not always an option, you know. Daar's redes hoekom dit nie 'n opsie is nie. Dit is nie moontlik om in die abstrakte vir beplanners te leer nie. Hulle moet dit hoor van die mense wat dit ervaar het. Hulle moet hoor hoe voel dit vir my ma as sy Spar toe stap en dronk mense skel 'n vrou van 75 [jaar oud] uit. Hulle moet weet hoe dit is.

Ter afsluiting van hierdie afdeling is dit nodig om daarop te wys dat die bostaande deelnemer-ervarings in skerp kontras staan met die inhoud van die amptelike vertoë wat by die plaaslike munisipaliteit ingedien is. Die amptelike vertoë uit die argiefdata strook met nimbuïsme, wat dui op 'n mate van legitimering van die deelnemers se ervarings. Die onderhouddata kan egter nie so maklik deur nimbuïsme verklaar word nie en word in die volgende afdeling vanuit die lens van verplasingsliteratuur bespreek.

9. Bespreking

Gesien deur die lens van nimbuïsme lyk dit op die oog af asof die gevallestudies voldoen aan die tipiese vertoë wat teen stedelike ontwikkeling gerig word. Wat die nimbuïstiese lens egter

nie verklaar nie, is die onderliggende kwessies wat die gemeenskapsweerstand in die gevallestudies gedryf het (Kempton e.a. 2005:124–5).

By nadere ondersoek blyk dit dat die redes vir gemeenskapsteenkanting in die twee gevallestudies met die deelnemers se ervaringe van plekgehegtheid verband gehou het. Dit is wel belangrik om daarop te wys dat nie alle omgewingsveranderinge weens stadsbeplanning weerstand ondervind nie, soos in die geval van P1 Restaurant, waar die tweede hersonering vir studentebehuising uiteindelik sonder teenstand van die publiek aanvaar is. As sulks is dit nie noodwendig omgewingsverandering self wat teenkanting ontvang nie – dit is eerder die *aard* van die omgewingsverandering en die invloed daarvan op mens-plek-verhoudinge wat met gemeenskapsweerstand verband hou.

Wanneer die gevallestudies vanuit ’n verplasingsliteratuuroogpunt beskou word, raak dit moontlik om dieper, onderliggende redes vir hulle weerstand teen ruimtelike ontwikkeling te vind. Sommige deelnemers het emosioneel gedwing gevoel om die Bult te verlaat, terwyl ander deelnemers op die Bult gebly het, nie noodwendig *fisies* verplaas uit hulle plek uit nie, maar wel *emosioneel* verplaas vanuit die plek wat voor die omgewingsveranderinge hulle veilige hawe was.

Op hierdie punt verwys die navorsers die leser terug na die lys van moontlike nagevolge van gedwonge verplasing, onder andere die volgende: verlies van eiendom, gesondheidsprobleme, marginalisering, werkloosheid en die verbrokkeling van die sosio-ekonomiese netwerke wat onderliggend in hierdie gemeenskappe was (Cernea 1997; Heming e.a. 2001:202–4). Elkeen van hierdie punte word hier onder afsonderlik bespreek, soos dit verband toon met die gevallestudies.

Drie deelnemers het direk as gevolg van omgewingsveranderinge, gedryf deur stedelike ontwikkeling, eienaarskap van hulle eiendomme op die Bult prysgegee. Alhoewel hierdie individue vry was om op die Bult te bly woon, het die omgewingsveranderinge hulle emosioneel belas, wat indirek ’n gevoel van gedwonge verplasing by hulle ontlok het. Hulle persoonlike ervaring van emosioneel gedrewe gedwonge verplasing het uiteindelik tot hierdie individue se vrywillige verplasing na ’n ander buurt gelei.

Oor die kwessie van gesondheidsprobleme verwoord een van die deelnemers die ervaring van omgewingsveranderinge duidelik:

> I base these requests of mine upon my interpretation of my right to have access to public documents and information regarding public process that impact upon my right to live in an environment that [is] not harmful to my health and well-being. The current illegal activities certainly are harmful to my health and well-being and those of other residents in the environment.

Die deelnemers het marginalisering ervaar deur die manier waarop hulle plekbeskermende handelinge ontvang is. In die geval van die Combrink-woning is beswaarmakers se redes vir vertoog die moontlike bou-erfeniswaarde van die eiendom, asook die oorbelasting van die Bult se infrastruktuur en reeds bestaande verkeersdruk, grootliks geïgnoreer en is daar voortgegaan met die onwettige sloping van die woning. Terselfdertyd is die betogers deur die plaaslike polisie gesien as diegene wat aan die verkeerde kant van die wet gestaan het, ten spyte daarvan dat dit die sloper was wat onwettig opgetree het. Daarna is daar wel ’n medium-hoë-digtheid-

behuisingsprojek op die terrein ontwikkel, teenstrydig met ’n bestaande ingenieursverslag, opgestel deur een van die deelnemers, wat toon dat die infrastruktuur van die Bult nie verdere verdigting kan hanteer sonder dat die hele infrastruktuurstelsel opgegradeer word nie.

Wat die P1 Restaurant-geval betref, is deelnemers gemarginaliseer deur die manier waarop hulle geviktimiseer is deur van die rolspelers in die grondgebruiksveranderingproses, asook hoe geraasbesoedeling, veiligheidskwessies en onaangename sosiale omstandighede hulle lewenskwaliteit benadeel het.

Wanneer daar gekyk word na die kwessie van werkloosheid, het nie een van die deelnemers hulle werk verloor as gevolg van omgewingsveranderinge nie. Wat egter wel duidelik na vore gekom het uit die onderhoude, is dat hulle werksvermoë negatief deur die betrokke omgewingsveranderinge benadeel is.

Hand aan hand met die deelnemers se verlaagde werksvermoë is die kwessie van die verbrokkeling van die sosio-ekonomiese netwerke wat onderliggend aan die deelnemers se lewens was. Nie net het sekere omgewingsveranderinge dit moeilik gemaak vir deelnemers om hulle normale werksverrigtinge vol te hou nie, maar moes hulle ook groot hoeveelhede geld en tyd spandeer om hulle vertoë te legitimeer deur middel van spesialisverslae en prokureursonkostes. Op ’n kleiner skaal het dit, in sommige gevalle, ook onmoontlik geword vir gesinne om met die normale roetine van hulle lewens aan te gaan.

Vanuit verplasingsliteratuur word daar ook na ’n verband tussen verplasing en toenemende vlakke van depressie, angs en die indirekte verswakking van die sosiopsigologiese hulpbronne wat menslike welstand ondersteun, verwys (Hwang e.a. 2007). Wanneer daar na die gevallestudies gekyk word in terme van hierdie drie aspekte, is dit veral die laaste twee aspekte wat sterk na vore kom. Deelnemers se gevoelens van angs is gedryf deur die vrees van fisieke intimidering vanaf sekere rolspelers in die hersoneringsprosesse, asook angs oor die toenemende verkeersdruk en ’n verslegtende sosiale omgewing wat hulle buurt onveilig vir padgebruikers gemaak het:

> Dit is baie duidelik dat die mense wat die ding bedryf het, kon glad nie ’n gevoel van meegevoel of respek of enige iets teenoor ons gehad het nie. Soos ek gesê het, ons is letterlik uitgevloek. My ouers is letterlik beledig. Ons is gedreig.

Die sosiopsigologiese hulpbronne wat die deelnemers se welstand ondersteun, het ook onder intense druk verkeer weens die veranderende omgewing. Die grense van privaatheid, die gevoel van omsluiting, is oortree deur die omgewingsveranderinge. Dit het die emosioneel herstellende eienskappe van die plekke waaraan hulle geheg voel, laat verbrokkel. Vir sekere van die deelnemers was hierdie verbrokkeling duidelik te bespeur in die manier waarop hulle hul verhoudings met ander lede van hulle gesin as spanningsvol ervaar het.

Die gevoel van bestendigheid, of kontinuïteit, wat geskep word by mense wat geheg voel aan sekere plekke, is iets wat belangrik is vir menslike welstand. Omgewingsveranderinge kan hierdie gevoel van bestendigheid laat wankel, wat weer tot gevoelens van verlies en rou by mense kan lei (Twigger-Ross en Uzzell 1996:208). Rou en verlies is albei sigbaar in die deelnemers se persoonlike ervarings – rou oor die verlies van ’n ikoniese landskapsbaken, iets wat moontlik van historiese waarde kon wees. Rou oor ’n unieke sin van plek op die Bult wat stuk vir stuk vernietig word deur spekulatiewe, markgedrewe hoëdigtheid-ontwikkelings-

projekte. Rou en verlies oor ’n gekose plekverwante leefstyl wat – vir sommige van die deelnemers – nie meer bestaan nie. Hierdie tipe ervarings van verlies eggo die bevindinge van Mariette (2018:103) in ’n studie oor Hatfield Square.

Vanuit die oogpunt van verplasingsliteratuur is dit duidelik dat, in die twee studiegevalle, (i) die versteuring van plekgehegtheid weens beplande of gerealiseerde omgewingsveranderinge ernstige gevolge vir die deelnemers ingehou het en (ii) die persoonlike ervaringe van die deelnemers beter verklaar kan word wanneer dit vergelyk word met die bevindinge van verplasingsliteratuur en nie net gesien word as gevalle van nimbuïsme nie.

10. Gevolgtrekking

Die twee gevallestudies wat in hierdie artikel voorgelê is, het ten doel gehad om die verhouding tussen plekgehegtheid, gemeenskapsweerstand en verplasingsliteratuur binne die raamwerk van Suid-Afrikaanse stadsbeplanning te illustreer. Aan die begin van die artikel is daar verwys na die onderliggende negatiewe toon wat gekoppel word aan die terme *vertoë*, *beswaar* en *nimbuïsme*, terme wat alledaags in die stadsbeplanningdissipline is. Dit is maklik om gemeenskapsinsette onder die vaandel van nimbuïsme te plaas en geldige gemeenskapsinsette te bevraagteken sonder om die onderliggende mens-plek-kwessies wat die gemeenskapsweerstand dryf, te verstaan of aan te spreek.

Deur die lens van verplasingsliteratuur kan hierdie kwessies beter verstaan word. Die deelnemers se ervarings van kleinskaalse, ontwikkelingsgedrewe omgewingsveranderinge strook met die ervarings van mense wat gedwonge verplasing ondergaan het weens rampe, politieke vervolging en grootskaalse ontwikkelingsprojekte. Die band tussen hierdie kontrasterende situasies het te doen met plekgehegtheid. Wanneer mens-plek-verhoudinge wankel weens omgewingsveranderinge – maak nie saak wat die skaal of oorsaak daarvan is nie – is die ervarings van rou en verlies dieselfde. Stadsbeplanning het ten doel om nedersettings vir mense te skep en mense het die potensiaal om gevoelens van gehegtheid aan hierdie plekke te vorm. Dit is dus belangrik dat stadsbeplanners gemeenskapsinsette beskou vanuit ’n oogpunt wat meer as net die beginsels van nimbuïsme bevat.

Ten slotte is dit duidelik uit die gevallestudies dat daar onsigbare aspekte, soos plekgehegtheid, manifesteer deur die noue band wat ontwikkel uit mens-omgewing-interaksie (in hierdie geval, inwoners en bepaalde historiese plekke op die Bult in Potchefstroom). Tog toon hierdie navorsing dat plekgehegtheid nie verreken is in die proses van stedelike ontwikkeling nie. Plekgehegtheid binne die raamwerk van verplasingliteratuur is nog vanuit ’n Suid-Afrikaanse stadsbeplanningsoogpunt onderontwikkeld. Alhoewel die studie nie ten doel het om die resultate as universeel in Suid-Afrikaanse kontekste aan te bied nie, bied dit as ’n vertrekpunt om die verband tussen plekgehegtheid, stedelike ontwikkeling en gemeenskapsweerstand in stadsbeplanning in ’n Suid-Afrikaanse konteks beter te verstaan.

Erkennings

Hierdie navorsing is moontlik gemaak deur ondersteuning van die Suid-Afrikaanse Nasionale Navorsingstigting (NRF) en die NWU. Ons wil graag die navorsingsdeelnemers bedank, asook Marius Lamprecht van die Tlokwe Plaaslike Munisipaliteit en Dries Goosen wat gehelp het met data-insameling Laastens wil ons die twee anonieme keurders bedank vir hulle bydrae tot die verbetering van hierdie artikel.

Bibliografie

Allen, Q. 2012. Photographs and stories: ethics, benefits and dilemmas of using participant photography with black middle-class male youth. *Qualitative Research*, 12(4):443–58.

Altman, I. en S.M. Low (reds.). 1992. *Place attachment*. New York: Plenum Press.

Anoniem. 2013. Student accommodation in Potch offers great investment opportunities. *Potchefstroom Herald*, 8 Februarie, bl. 20.

Barlin en Clarkson Argitekte. 2007. *The Upper Houghton heritage survey 2007 and the nomination to PHRA-G for the declaration of a heritage site*. Ongepubliseerde navorsingsverslag, Upper Houghton Association. https://upperhoughton.org.za/wp-content/uploads/2019/09/Heritage_Survey.pdf (31 Mei 2021 geraadpleeg).

Beckley, T.M. 2003. The relative importance of sociocultural and ecological factors in attachment to place. In Kruger (red.) 2003.

Berg, B.L. 2001. *Qualitative research methods for the social sciences*. Needham Heights, MA: Allyn en Bacon.

Billig, M. 2006. Is my home my castle? Place attachment, risk perception, and religious faith. *Environment and Behavior*, 38:248–65.

Bosch, S. 2010. *Potchefstroom: Impressions on a city / Indrukke op 'n stad*. Potchefstroom: Selfpublikasie.

Botha, C. en H. Eloff. 2008. Woede oor sloping. *Potchefstroom Herald*, 14 Maart, bl. 1.

Brown, B.B. en D.D. Perkins. 1992. Disruptions in place attachment. In Altman en Low (reds.) 1992.

Brown, B.B., D.D. Perkins en G. Brown. 2004. Incivilities, place attachment and crime: block and individual effects. *Journal of Environmental Psychology*, 24:359–71.

Brown, G. en S. Donovan. 2014. Measuring change in place values for environmental and natural resource planning using Public Participation GIS (PPGIS): results and challenges for longitudinal research. *Society and Natural Resources*, 27(1):36–54.

Burley, D., P. Jenkins, S. Laska en T. Davis. 2007. Place attachment and environmental change in coastal Louisiana. *Organization en Environment*, 20:347–66.

Carmona, M., T. Heath, T. Oc en S. Tiesdell. 2003. *Public places urban spaces: the dimensions of urban design*. Oxford: Architectural Press.

Casey, E. 1996. How to get from space to place in a fairly short stretch of in. In Feld en Basso. 1996.

Cass, N. en G. Walker. 2009. Emotion and rationality: the characterisation and evaluation of opposition to renewable energy projects. *Emotion, Space and Society*, 2(1):62–9.

Cernea, M. 1997. The risks and reconstruction model for resettling displaced populations. *World Development*, 25(10):1569–87.

Chigeza, S., V. Roos en K. Puren. 2013. "… Here we help each other": Sense of community of people subjected to forced removals. *Journal of Psychology in Africa*, 23(1):97–100.

Cooper, H.L.F. en B. Tempalski. 2014. Editorial: integrating place into research on drug use, drug users' health, and drug policy. *International Journal of Drug Policy*, 25:503–7.

Cresswell, T. 2002. Theorizing place. In Verstraete en Cresswell (reds.) 2002.

Damer, S. en C. Hague. 1971. Public participation in planning: a review. *Town Planning Review*, 42:217–32.

Davenport, M.A. en D.H. Anderson. 2005. Getting from sense of place to place-based management: an interpretive investigation of place meanings and perceptions of landscape change. *Society and Natural Resources*, 18:625–41.

De Moor, N. en A. Cliquet. 2009. Environmental displacement: a new security risk for Europe? Konferensievoorlegging vir Security Insecurity and Migration in Europe, University of Leicester en IMEPO (Hellenic Migration Policy Institute). https://biblio.ugent.be/publication/923103/file/923105 (2 Augustus 2014 geraadpleeg).

Denzin, N.K. 1978. *The research act: a theoretical introduction to sociological methods*. New York: McGraw-Hill.

Devine-Wright, P. 2005. Beyond NIMBYism: towards an integrated framework for understanding public perceptions of wind energy. *Wind Energy*, 8:125–39.

—. 2011. Place attachment and public acceptance of renewable energy: a tidal energy case study. *Journal of Environmental Psychology*, 31(4):336–43.

Devine-Wright, P. en Y. Howes. 2010. Disruption to place attachment and the protection of restorative environments: a wind energy case study. *Journal of Environmental Psychology*, 30(3):271–80.

Dixon, J. en K. Durrheim. 2014. Dislocating identity: desegregation and the transformation of place. *Journal of Environmental Psychology*, 24(4):455–73.

Dlamini, S. en S.G. Tesfamichael. 2021. Approaches on the concepts of place attachment in South Africa. *Geo Journal*, 86:2435–45.

Downs, R.M. en D. Stea. 1977. *Maps in minds: reflections on cognitive mapping.* New York: Harper & Row Publishers.

Duhl, L.J. (red.). 1963. *The urban condition*. New York: Basic Books.

Durrheim, K. en J. Dixon. 2001. The role of place and metaphor in racial exclusion: South Africa's beaches as sites of shifting racialization. *Ethnic and Racial Studies*, 24(3):433–50.

Du Toit, H.E. 2008. Memorandum. Plea against rezoning the remaining portion of Erf 917. Ongepubliseerde navorsingsverslag, Potchefstroom. Heritage Potchefstroom Erfenis.

Eisenhardt, K.M. 2002. Building theories from case study research. In Huberman en Miles (reds.) 2002.

Eranti, V. 2017. Re-visiting NIMBY: from conflicting interests to conflicting valuations. *The Sociological Review*, 65(2):285–301.

Feld, S. en K. Basso. 1996. *Senses of place.* Santa Fe: School of American Research.

Fried, M. 1963. Grieving for a lost home. In Duhl (red.) 1963.

Fullilove, M.T. 1996. Psychiatric implications of displacement: contributions from the psychology of place. *American Journal of Psychiatry*, 153:1516–23.

Gallent, N., M. Juntti, S. Kidd en D. Shaw. 2008. *Introduction to rural planning.* Londen: Routledge.

Geertz, C. 1973. *The interpretation of cultures: selected essays.* New York: Basic Books.

Given, L.M. (red.). 2008. *The SAGE encyclopedia of qualitative research methods. Vol. 1 & 2.* Thousand Oaks: SAGE Publications Inc.

Grahn, P. en U.A. Stigsdotter. 2003. Landscape planning and stress. *Urban Forestry and Urban Greening*, 2:1–18.

Greider, T. en L. Garkovich. 1994. Landscapes: the social construction of nature and the environment. *Rural Sociology*, 59(1):1–24.

Guiliani, M., F. Ferrara en S. Barbotti 2003. *One attachment or more?* Ashland: Hogrefe & Huber.

Gustafson, P. 2001a. Meanings of place: everyday experience and theoretical conceptualisations. *Journal of Environmental Psychology*, 21:5–16.

—. 2001b. Roots and routes: exploring the relationship between place attachment and mobility. *Environment and Behavior*, 33:667–87.

Harrison, P., M. Huchzermeyer en M. Mayekiso (reds.). 2003. *Confronting fragmentation: housing and urban development in a democratising society*. Landsdowne: University of Cape Town Press.

Harvard, B. 2007. Seeking protection: recognition of environmentally displaced persons under international human rights law. *Villanova Environmental Law Journal*, 18(1):1–18.

Heming, L., P. Waley en P. Rees. 2001. Resettlement in China: past experience and the Three Gorges Dam. *The Geographical Journal*, 167(3):195–212.

Hesari, E., S.M. Moosavy, A. Rohani, S.B. Kivi, M. Ghafourian en B.S. Pour. 2020. Investigation [sic] the relationship between place attachment and community participation in residential areas: a structural equation modelling approach. *Social Indicators Research*, 151:921–41.

Hillier, J. 2000. Going round the back? Complex networks and informal action in local planning processes. *Environment and Planning A*, 32:33–54.

Hiner, C.C. en R.E. Galt. 2011. Participation and capacity building in community visioning: NIMBYism and the politics of the rural-urban interface in Elk Grove, California. *Journal of Rural and Community Development*, 6(2):104–23.

Hubbard, P. 2006. NIMBY by another name? A reply to Wolsink. *Transactions of the Institute of British Geographers*, 31(1):92–4.

Huberman, A.M. en M.B. Miles (reds.). 2002. *The qualitative researcher's companion*. Thousand Oaks: SAGE Publications.

Hwang, S., J. Xi, Y. Cao, X. Feng en X. Qiao. 2007. Anticipation of migration and psychological stress and the Three Gorges Dam project, China. *Social Science & Medicine*, 65(5):1012–24.

Jordaan, T. 2014. Planning the intangible: place attachment and public participation in South African town planning. PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit.

—. 2017. Plekgehegtheid binne stadsbeplanning: 'n literatuurstudie en voorstelle vir Afrikaanse terminologie. *LitNet Akademies*, 14(3):456–88. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2017/12/LitNet_Akademies_14-3_Jordaan_456-488.pdf.

Jordaan, T. en K. Puren. 2012. "We love this place": place attachment and community engagement in urban conservation planning. *Challenges of Modern Technology*, 3(3):39–45.

Kempton, W., J. Firestone, J. Lilley, T. Rouleau en P. Whitaker. 2005. The offshore wind power debate: views from Cape Cod. *Coastal Management*, 33:119–49.

Korpela, K., K. Borodulin, M. Neuvonen, O. Paronen en L. Tyrväinen. 2014. Analyzing the mediators between nature-based outdoor recreation and emotional well-being. *Journal of Environmental Psychology*, 37:1–7.

Korpela, K. en T. Hartig. 1996. Restorative qualities of favorite places. *Journal of Environmental Psychology*, 16:221–33.

Kraft, M.E. en B.B. Clary. 1991. Citizen participation and the NIMBY syndrome: public response to radioactive waste disposal. *Western Political Quarterly*, 44:299–328.

Kruger, L.E. (red.). 2003. Understanding community-forest relations. General Technical Report. PNW-GTR-566. Portland: U.S. Department of Agriculture, Forest Service, Pacific Northwest Research Station.

Kyle, G., A. Graefe, R. Manning en J. Bacon. 2004. Effects of place attachment on users' perceptions of social and environmental conditions in a natural setting. *Journal of Environmental Psychology*, 24:213–25.

Lam, K., W. Lee, T. Fung en L. Woo. 2007. Challenges of managing NIMBYism in Hong Kong. Konferensievoorlegging vir Siting of Locally Unwanted Facilities: Challenges and Issues, The Chinese University of Hong Kong.

Lamprecht, M. 2011. A local case study of an "unlawful demolition" of a house older than 60 years: 24 Esselen Street, Erf 917, Bult, Potchefstroom. Ongepubliseerde navorsingsverslag, Potchefstroom. Heritage Potchefstroom Erfenis.

Le Mentec, K. 2006. The Three Gorges Dam project – religious practices and heritage conservation. A study of cultural remains and local popular religion in the xian of Yunyang (municipality of Chongqing). *China Perspectives*, 65. https://doi.org/10.4000/chinaperspectives.626 (3 Junie 2021 geraadpleeg).

Le Roux, B. 2014. The destruction of the Bult, Potchefstroom. https://www.youtube.com/watch?v=A2qEGszmLHw (2 Junie 2021 geraadpleeg).

Lewicka, M. 2011. Place attachment: How far have we come in the last 40 years? *Journal of Environmental Psychology*, 31(3):207–30.

Lombard, A. en S. Ferreira. 2014. Residents' attitudes to proposed wind farms in the West Coast region of South Africa: a social perspective from the South. *Energy Policy*, 66:390–99.

Lonergan, S. 1998. The role of environmental degradation in population displacement. *Environmental Change and Security Project Report*, 4:5–15.

Madanipour, A. 1996. *Design of urban space: an inquiry into a socio-spatial process.* Sussex: Wiley.

Manzo, L.C. en P. Devine-Wright (reds.). 2014. *Place attachment: advances in theory, methods and applications*. Abingdon, Oxfordshire: Routledge.

Manzo, L.C. en D.D. Perkins. 2006. Finding common ground: the importance of place attachment to community participation and planning. *Journal of Planning Literature*, 20(4):335–50.

Marais, L., J. Cloete, D. van Rooyen, S. Denoon-Stevens en V. Nel. 2019. Place attachment and social disruption in Postmasburg, a rapidly growing South African mining town. *GeoJournal*, 84:71–83.

Mariette, P.N. 2018. Conversations on conversion: The Hatfield Square case study. https://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/67792/Mariette_Conversations_2018.pdf?sequence=1&isAllowed=y (5 Oktober 2021 geraadpleeg).

Moore, R.L. en A.R. Graefe. 1994. Attachments to recreation settings: the case of rail-trail users. *Leisure Sciences*, 16:17–31.

Morris, H. 2013. Why stay in Chernobyl? Because it's home. TED Talks. http://www.ted.com/talks/holly_morris_why_stay_in_chernobyl_because_it_s_home (4 Augustus 2014 geraadpleeg).

Müller, A. 2012. Heritage impact assessment report of 124 Steve Biko Avenue. Potchefstroom: Ongepubliseerde verslag aan die Suid-Afrikaanse Erfenisagentskap, Noordwes Provinsie.

Neuman, W.L. 2011. *Social research methods: qualitative and quantitative approaches.* Boston: Allyn & Bacon.

Nordenstam, B.J. 1994. When communities say NIMBY to their LULUS: factors influencing environmental and social impact perception. Konferensievoorlegging vir die 14de jaarvergadering van die International Association for Impact Assessment. Quebec, Kanada.

Nordh, H., C. Alalouch en T. Hartig. 2011. Assessing restorative components of small urban parks using conjoint methodology. *Urban Forestry en Urban Greening*, 10:95–103.

Odendal, F.F., P.C. Schoonees, C.J. Swanepoel, S.J. Du Toit en C.M. Booysen. 1992. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Johannesburg: Perskor-Uitgewery.

Pacione, M. 2005. *Urban geography: a global perspective.* Abington, Oxfordshire: Routledge.

Payton, M.A., D.C. Fulton en D.H. Anderson. 2005. Influence of place attachment and trust on civic action: a study at Sherburne National Wildlife Refuge. *Society and Natural Resources*, 18(6):511–28.

Pirta, R.S., N. Chandel en C. Pirta. 2013. Attachment and displacement: the resettlers of Bhakra Dam are hurt. *Psychological Studies*, 59(1):1–10.

Puren, K., H. Coetzee en V. Roos. 2010. A hidden dimension in site planning: exploring affective experience as part of sense of place on the farm Kromdraai, Vredefort Dome World

Heritage Site, South Africa. Konferensievoorlegging vir die World Academy of Science, Engineering and Technology Conference, on Academic Science Research. Parys, Frankryk.

Puren, K., E. Drewes en V. Roos. 2007. An exploration of sense of place as informative for spatial planning guidelines: a case study of the Vredefort Dome World Heritage Site, South Africa. *International Journal of Social Sciences*, 1(3):188–95.

—. 2008. A sense of place and spatial planning in the Vredefort Dome, South Africa. *South African Geographical Journal*, 90(2):134–46.

Radmilli, R. 2011. Ilhna Beltin: locating identity in a fortified Mediterranean city. In Schofield en Szymanski (reds.) 2011.

Rapoport, A. 1977. *Human aspects of urban form: towards a man-environment approach to urban form and design.* Oxford: Pergamon Press.

Relph, E. 1976. *Place and placelessness*. Londen: Pion.

Rishbeth, C. 2014. Articulating transnational attachments through on-site narratives. In Manzo en Devine-Wright (reds.) 2014.

Roos, V., H. Coetzee en K. Puren. 2011. Mense se ervarings in ’n natuurlike omgewing in die Vredefortkoepel, Suid-Afrika: implikasies vir ruimtelike ontwikkeling. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(1):68–85.

Roos, V., P.S. Kolobe en N. Keating. 2014. (Re)creating community: experiences of older women forcibly relocated during apartheid. *Journal of Community en Applied Social Psychology*, 24:12–25.

Rubinstein, R. en P. Parmalee. 1992. Attachment to place and the representation of the life course by the elderly. In Altman en Low (reds.) 1992.

Ryan, R.L. 2005. Exploring the effects of environmental experience on attachment to urban natural areas. *Environment and Behavior*, 37(1):3–42.

Saayman, M. 2017. Eikelaan sterf. *Potchefstroom Herald*. https://potchefstroomherald.co.za/28076/eikelaan-sterf (3 Junie 2021 geraadpleeg).

Sahris. 2021a. Oak Avenue, Potchefstroom. https://sahris.sahra.org.za/node/33325 (3 Junie 2021 geraadpleeg).

—. 2021b. House of President MW Pretorius, Van der Hoff Avenue, Potchefstroom. https://sahris.sahra.org.za/node/33214 (3 Junie 2021 geraadpleeg).

—. 2021c. School of Theology. https://sahris.sahra.org.za/node/573065 (3 Junie 2021 geraadpleeg).

—. 2021d. Piet Malan House. https://sahris.sahra.org.za/node/573059 (3 Junie 2021 geraadpleeg).

—. 2021e. Roets House, 61 Tom Street, Potchefstroom. https://sahris.sahra.org.za/node/33350 (3 Junie 2021 geraadpleeg).

Salsich, P.W. 2000. Affordable housing: Can NIMBYism be transformed into OKIMBYism? St. Louis U. *Public Law Review*, 19:453–74.

Scannell, L. en R. Gifford. 2010. Defining place attachment: a tripartite organizing framework. *Journal of Environmental Psychology*, 30:1–10.

Schofield, J. en R. Szymanski (reds.). 2011. *Local heritage, global context: cultural perspectives on sense of place*. Surrey: Ashgate Publishing Limited.

Seamon, D. en R. Mugerauer (reds.). 2000. *Dwelling, place and environment: towards a phenomenology of person and world.* Malabar, Florida: Kreiger Publishing Company.

Smith, E.F., G. Gidlow en G. Steel. 2012. Engaging adolescent participants in academic research: the use of photo-elicitation interviews to evaluate school-based outdoor education programmes. *Qualitative Research*, 12(4):367–87.

Stedman, R.C. 2002. Toward a social psychology of place: predicting behaviour from place-based cognitions, attitude, and identity. *Environment and Behaviour*, 34:561–81.

Stedman, R.C. en M. Ingalls. 2014. Topophilia, biophilia and greening in the red zone. In Tidball en Krasny (reds.) 2014.

Suid-Afrika. 2013. Wet op stadsbeplanning en grondgebruikbestuur, Wet 16 van 2013. Kaapstad: Staatsdrukker.

Terminsky, B. 2012. Environmentally-induced displacement of human security. Indiana University: Digital Library of the Commons. http://dlc.dlib.indiana.edu/dlc/bitstream/handle/10535/8961/Environmentally-Induced%20displacement%20and%20human%20security.pdf?sequence=1 (3 Junie 2021 geraadpleeg).

Thomas, G. 2011. *How to do your case study: a guide for students and researchers.* Los Angeles: SAGE Publications.

Tidball, K.G. en M.E. Krasny (reds.). 2014. *Greening in the red zone: vulnerability, resilience, and urgent biophilia*. Dordrecht: Springer.

Tlokwe Plaaslike Munisipaliteit. 2012. Potch historical buildings. https://web.archive.org/web/20120402100756/http://www.potch.co.za/ahistorical.htm (31 Mei 2021 geraadpleeg).

Tonge, J., S. Moore, M. Ryan en L. Beckley. 2013. Using photo-elicitation to explore place attachment in a remote setting. *The Electronic Journal of Business Research Methods*, 11(1):41–50.

Tracy, S.J. 2010 Qualitative quality: eight “big-tent” criteria for excellent qualitative research. *Qualitative Inquiry*, 16(10):837–51.

Tuan, Y. 1977. *Space and place: the perspectives of experience*. Minneapolis: University of Minnesota Press.

Twigger-Ross, C.L. en D.L. Uzzell. 1996. Place and identity processes. *Journal of Environmental Psychology*, 16:205–20.

Uzzell, D., E. Pol en D. Badenas. 2002. Place identification, social cohesion, and environmental sustainability. *Environment and Behavior*, 34:26–53.

Van der Walt, H. 2011. Littekens wat nooit sal herstel. *Potchefstroom Herald*, 22 Augustus.

Vaske, J.J. en K.C. Kobrin. 2001. Place attachment and environmentally responsible behavior. *Journal of Environmental Education*, 32(4):16–21.

Verstraete, G. en T. Cresswell (reds.). 2002. *Mobilizing place, place mobility: the politics of representation in a globalized world*. New York: Rodopi.

Violich, F. 2000. Towards revealing the sense of place: an intuitive "reading" of four Dalmatian towns. In Seamon en Mugerauer (reds.) 2000.

Von Maltzahn, R. en M. van der Riet. 2006. A critical reflection on participatory methods as an alternative mode of enquiry. *New Voices in Psychology*, 2(1):108–28.

Vorkinn, M. en H. Riese. 2001. Environmental concern in a local context: the significance of place attachment. *Environment and Behavior*, 33:249–63.

Williams, D.R. en S.I. Stewart. 1998. Sense of place: an elusive concept that is finding a home in ecosystem management. *Journal of Forestry*, 96(5):830–40.

Xu, G., Y. Liu, X. Huang, Y. Xu, C. Wan en Y. Zhou. 2021. How does resettlement policy affect the place attachment of resettled farmers? *Land Use Policy*, 107. https://doi.org/10.1016/j.landusepol.2021.105476 (20 Augustus 2021 geraadpleeg).

Yin, R.K. 2003. *Case study research: design and methods*. Thousand Oaks: SAGE Publications.

—. 2009. *Case study research: design and methods.* Thousand Oaks: SAGE Publications.